




# 1888 MATIELAND




# Bondwell®



**PRO 28**

## Bekendstelling van die Bondwell 28 Hoëspoed-Modulêre Tafelrekenaar

- PR/XT<sup>1</sup>aanpasbaar
- Verwisselbare Sentrale Verwerkings-eenheid en multi-toevoer/afvoerborde
- 8088-2-mikroprosesor funksioneer teen 4.77 of 7.16 MHz (gekoppelde seleksie)
- 8087-2 numeriese data-medeverwerker-sok
- 512 kilogreep-Lees/Skryfgeheue, uitbreibaar tot 640 kilogreep op hoofpaneel
- 360 kilogreep 5 1/4"-minislapskyf-aandrywing
- Twee ekstra dryfholties
- Vyf PR/XT horisontale uitbreidings-geleue
- Sokke vir intydse kalender/klokvlakkie en battery
- 84-sleutel-laeaprofiel-toetsebord
- Ingeboude Hercules/CGA-video-koppelvlak
- Deurgangskaart-beheerde optiese dataslot
- Klokspoedknoppie
- Apparatuurterugstelknoppie
- Krag-, turbospoed-, hardeskyfdrywings-aktiek- en deurgangskaart geverifieer-aanwysers
- Easy<sup>2</sup>-woordverwerker, MS-SBS<sup>3</sup> 3.21, GW-BASIC<sup>3</sup> 3.2, en videobeeld-nuts-program



Deur bloot een uitbreidingskaart om te ruil kan die Bondwell in 'n volwaardige AT omgeskakel word.



# COMPU CARE<sup>(EDMS) BPK.</sup>

Hill House, Somersetweg 43, Groenpunt. Posbus 2645, Kaapstad 8000. Tel: (021) 419-0320. Faks: (021) 419-6445  
Kontakpersoon: Willi Zaaiman

Andriesstraat 54, Wynberg, Sandton 2199. Tel: (011) 887-0583. Faks: (011) 887-0538  
Kontakpersoon: Brian Scotting

# Inhoud

1:88  
Jaargang 32

# MATIELAND

Redaksioneel .....	3
Fokus op .....	3
Fonds se mikpunt skuif op na R100 miljoen .....	4
Skenkings is vir US onontbeerlik .....	4
Talle behoeftige Maties maak beursfonds nodig .....	5
Skrywer, nyweraars vereer .....	6
Knowing more about the Soviets .....	9
Kurrikulumkunde weer in 1989 aangebied .....	10
Nuwe buro help om predikante beter toe te rus.....	11
Ondernemingsbestuur: Program oorbrug probleme.....	12
Wêreldkongres hoor van US-navorsing.....	13
Winterskool bied weer baie .....	13
INTUS sluit ooreenkoms met Gold Fields.....	14
Strykensemblé het al baie vermag .....	15
Bekendes span uit ná lang diens.....	16
Hoe Victoriastraat sy mooi boomlaning gekry het .....	18
Bevorder en aangestel .....	20
Behrens word hoë SA kultuurgesant in Europa .....	22
IT help US tred hou met veranderinge .....	23
'n Besonderse M.A. vir taalmense .....	24
Geologie kry duur, nuwe analyseerder.....	25
Sielkundiges begelei plattelandse ouers .....	25
Reünies in die Hottentots-Holland .....	26
Notule van die Konvokasie-vergadering .....	28
In memoriam .....	30
Briewe.....	32
Eerste SA konferensie vir fotograwe.....	33
So het 1948-Maties dié politieke gebeurtenis beleef .....	34
Swimming now a major sport on campus .....	35
Waterpolo word 'n SA topspan .....	36

**Voorblad:** Anneke Alheit, vanjaar se Mej. Matieland, waar sy vir 'n tydjie die boeke ver onder haar gelaat het om op die Jan Maraisplein bo-op die J. S. Gericke-biblioteek te ontspan. Sy is 'n B.A. Regte-derdejaarstudent en inwoner van Huis Nemesia. Die verkiesing van Mej. Matieland is deel van Karnaval, waarmee die Maties geld insamel vir USKOR, die Universiteit se eie welsynsorganisasie.


Foto: Antenie Carstens

**Redakteur:** Hans Oosthuizen

**Redaksiekantoor:** Departement  
Ontwikkeling en Skakeling  
Universiteit van Stellenbosch  
7600 Stellenbosch  
Tel. (02231) 774633/774851  
Teleks: 5720383

**Matieland** word drie keer per jaar  
uitgegee vir oud-studente en  
donateurs van die Universiteit  
van Stellenbosch.

Gedruk deur Creda Pers (Edms) Bpk  
Solanweg, Kaapstad 8001



Predikante kry buro bl. 11



Victoriastraat se bome bl. 18



Duur, nuwe instrument bl. 25



Topspan se prestasies bl. 36



J LJ van Vuuren  
Besturende Direkteur: Volkskas Beperk

“Ons verbintenis tot  
Staatmakerdiens  
beteken dat u  
dié soort diens kry  
wat regtig vir u  
saak maak.”

“By Volkskas is ons almal verbind om  
ons uiterste bes vir u te lewer. Ons  
noem dit Staatmakerdiens – dít wat u

eintlik van u bank verwag. Staatmaker-  
diens maak Volkskas anders as enige  
ander bank.”

VOLKSKAS BEPERK (GEREGISTREERDE BANK) REG NO 7803306/06

**Volkskas**   
*Staatmakerdiens*  
DEUR DIK EN DUN

# • REDAKSIONEEL

## Hulp van oud-studente en die private sektor

IN DIE afgelope maande het die probleme waarmee die universiteitswese in Suid-Afrika te kampe het, sterk na vore gekom. Dit het veral geblyk uit die bevindings van 'n ondersoek wat die Komitee van Universiteitshoofde (KUH) na die status van universiteite binne die totale onderwyssektor ge doen het.

Dié probleme sluit onder meer in die vinnig groeiende studentegetalle wat in twee dekades bykans vervierdubbel het en daar toe lei dat die dosent-student-verhouding baie verswak.

In studierigtigs soos die natuurwetenskappe, geneeskunde en ingenieurswese is daar egter nou 'n daling in getalle — terwyl Suid-Afrika, as 'n ontwikkelende en tot 'n groot mate geïsoleerde land, dit daar die minste kan bekostig.

Dosentesalarisse wat by die private sektor s'n agter raak, veroorsaak dat

begaafde jong akademici makliker elders na loopbaan-heencomes gaan soek. Gevolglik is die dosentekorps aan die verouder.

Die steeds stygende koste van noodsaaklike biblioteekmateriaal en navorsingstoerusting — waarsonder universiteite beswaarlik op die voorposte van nuwe kennis kan bly — is nog 'n ernstige kwelpunt. Om geboue en toerusting in stand te hou, raak al hoe duurder. Universiteite raak al hoe verder agter met die vernuwing van toerusting en studiemateriaal.

Die langtermyn-beplanning van universiteite word verder deur die wisselende en onsekere terugsnoeiings op subsidies bemoeilik. Stygende kostes maak dit vir begaafde studente al hoe moeiliker om universiteit toe te gaan.

Universiteite ondervind probleme wat op die lang duur vir die land en al sy mense nadelig is.

MNR. HERBERT PIENAAR, 'n dosent in geologie aan die US, het 'n nuwe uitkenningsmetode vir edelstene ontwikkel wat onder gemmoloë wêreldwyd aandag trek. Dit word die "Stellenbosch Gem Index" (SGI) genoem.

Hy het dit in September verlede jaar op die 21ste Internasionale Gemmologiese Konferensie wat in Rio de Janeiro, Brasilië, gehou is vir die eerste keer aan buitelandse gemmoloë bekend gestel. Dit het daar toe gelei dat 'n artikel oor die SGI kort daarna in *Gems & Gemology*, die wêreld se voorste vaktydskrif oor gemaatologie, verskyn het.

Nog voordat mnr. Pienaar self 'n eksemplaar van die blad ontvang het, het hy reeds uit talle lande van oor die hele wêreld navrae oor die uitkenningsmetode ontvang — uit Australië, Europa, Noord- en Suid-Amerika, Japan, Hongkong, Sri-Lanka, Thailand, Korea en Rusland.


Die probleem met edelsteen-identifikasie is dat 'n mens 'n nie-destruktiewe identifikasiemetode daarvoor moet hê. Daar kan nie van die standaard-mineralogiese tegnieke gebruik gemaak word om 'n edelsteen se chemiese samestelling en fisiese eienskappe te bepaal nie, verduidelik mnr. Pienaar.

Hy sê hy het reeds sowat vier jaar gelede begin werk aan 'n eenvoudiger metode van edelsteen-identifikasie. Dit is veral nodig om beginners in dié studierigtig die basiese beginsels van edelsteen-identifikasie te leer. Die metode waarop hy uiteindelik afgelopen het, blyk nou — soos wat dik-

wels met belangrike uitvindings die geval is — eenvoudig en voor die hand liggend te wees.

Die SGI is ontwerp om die identiteit van 'n onbekende edelsteen tot enkele moontlike keuses te beperk deur

### Fokus op ...



Mnr. Pienaar

van 'n minimum-getal toetse gebruik te maak. 'n Onbekende steen se relatiewe digtheid en gemiddelde breakingsindeks (faktore wat maklik vasgestel kan word) word in 'n wiskundig eenvoudige formule gekombineer om 'n enkele SGI-waarde te bepaal.

Die Universiteit van Stellenbosch se behoeftes, en sy besef dat hy al hoe swaarder op die steun van sy oud-studente en die private sektor aangewese is, het onder meer daar toe gelei dat die Universiteit sy fonds-insamelingsaksie, Stellenbosch 2000, se mikpunt van R30 miljoen na R100 miljoen teen die jaar 2000 opgeskuif het.

Oud-Maties en die private sektor kan die Universiteit dus help om steeds sy bydrae tot navorsingskennis en opgeleide breinkrag te lewer. □

### Program oor US op TV1

OP SONDAGMIDDAG 29 MEI kry Oud-Maties saam met ander TV-kykers dwarsoor die land die geleenthed om na 'n nuwe dokumentêre rolprent oor die Universiteit te kyk. Dit word vanaf halfvijf die middag oor TV1 vertoon.

Die rolprent sal sowat 25 minute duur. Dit is verlede jaar en vroeër vanjaar op die kampus verfilm. Kykers sal onder meer 'n blik op die akademiese bedrywighede, studentelewe en ander aspekte van die Universiteit gebied word.

Mnr. Pienaar en 'n kollega, mnr. Dave Glenister, het 'n boekie saamgestel waarin die nuwe benadering beskryf word. Dit bevat al die tabelle wat benodig word om met die SGI-waarde wat jy van 'n onbekende edelsteen uitgewerk het, by 'n spesifieke steen of groep edelsteen-materiale uit te kom.

Mnr. Pienaar is verbonde aan die Universiteit se De Beers-laboratorium vir Gemmologiese Onderzoek sedert dit in 1973 ontstaan het. As 'n bedryfsgerigte toetslaboratorium lewer dit 'n diens aan gemmoloë en juweliers van oor die hele land. Dit is die enigste plek in Suid-Afrika waar pêrels met behulp van X-strale uitgeken kan word. Dit was ook die eerste laboratorium in die land wat diamantgrading gedoen het.

Verder speel die De Beers-laboratorium 'n belangrike rol in die gemaatologie-kursus wat die Universiteit aangebied. Dié toegepaste kursus word selfs in Brittanje en Amerika erken.

Mnr. Pienaar was die enigste verteenwoordiger uit Afrika wat na verlede jaar se internasionale konferensie in Brasilië genooi is. Slegs sowat 40 van die wêreld se top-gemmoloë word daarheen genooi. Dit word elke twee jaar gehou. Hy was al by sewe van dié konferensies, wat aanvanklik net na die Tweede Wêreldoorlog in Switserland ontstaan het.

Onderhandelinge is reeds aan die gang om die 1991-konferensie in Suid-Afrika — en waarskynlik op Stellenbosch — te hou. □

# Fonds se mikpunt skuif op na R100 miljoen

**D**ie mikpunt vir Stellenbosch 2000, die Universiteit van Stellenbosch se huidige fondsinsamelingsaksie, is pas van R30 miljoen na R100 miljoen teen die jaar 2000 verhoog.

Die Raad van Trustees, wat die fonds beheer, het op die nuwe mikpunt besluit in die lig van die fonds se sukses verlede jaar toe sy totaal met byna 27% tot sowat R26,49 miljoen aan kontant en beloftes gestyg het.

Dit is die tweede keer sedert die veldtog in 1980 aangepak is dat die mikpunt verhoog word. Die aanvanklike mikpunt was R20 miljoen teen 1990. In 1985 is dit opgeskuif na R30 miljoen, met R10 miljoen daarvan as 'n kontantreserwe waarvan slegs die opbrengs later gebruik kan word.

## Inflasiekoers

Nou sal R30 miljoen van die nuwe mikpunt van R100 miljoen 'n kontantreserwe wees.

Die besluit om die mikpunt op te stoot, is geneem in die lig van die in-

flasiekoers, die Universiteit se toenemende behoeftes (veral t.o.v. navorsing en nagraadse opleiding) asook die besef dat die US al hoe swaarder op steun van sy oud-studente en die private sektor aangewese is.

Die bykans R26,45 miljoen waarmee die fonds verlede jaar afgesluit het, is reeds 88% van die vorige mikpunt van R30 miljoen. Sowat 85% van dié R30 miljoen — altesam R22,53 miljoen — is teen die einde van 1987 in kontant ontvang.

As die 1987-fondsinsameling met die vorige jaar s'n vergelyk word, blyk dit dat die kontant wat ingesamel is met 35,17% toegeneem het. R5 862 831 aan kontant is in 1987 ingesamel, teenoor R4 517 384 in 1986. Daarby is in 1987 ook nuwe skenkings en beloftes vir sowat R5,93 miljoen aan die fonds gemaak.

Die Departement Ontwikkeling en Skakeling is vir die uitbou van Stellenbosch 2000 en ander fondsinsamelingsaksies van die Universiteit verantwoordelik.

Elke skenking wat nie deur 'n donateur vir iets spesifieks soos 'n gebou, apparaat, beurs of navorsingsprojek geskenk word nie, of wat die Universiteit nie dringend hiervoor nodig het nie, word gekapitaliseer om die reserwemikpunt van R10 miljoen te verkry.

## Renteverdienste

Dié kontantreserwe het einde 1987 reeds meer as R5,7 miljoen beloop, nadat dit 'n jaar tevore R4,54 miljoen was. Benewens beleggingswinste van bykans R400 000, het die kontantreserwebedrag verlede jaar 'n renteverdienste van meer as R615 000 opgelewer. Dit word gebruik vir vanjaar se Stellenbosch 2000-beurse vir naagraadse studie.

Van die meer as R5,86 miljoen kontant wat verlede jaar ingesamel is, is R4 444 524 deur maatskappye en R506 735 deur individuele skenkings bygedra, terwyl R911 572 uit boedels verkry is.

Bykans 6 000 mense het in 1987 as individue geld vir Stellenbosch 2000 geskenk. Die Oud-Maties, Universiteitspersoneel en ouers van die huidige studente maak die grootste deel hiervan uit.

Hierbenewens is meer as R113 000 (sowat R24 000 in kontant) vir die Fakulteit Regsgeleerdheid se biblioteekfonds ingesamel.

## Tygerberg

Oud-studente en die ouers van huidige studente van die Geneeskunde- en Tandheelkunde-fakulteite asook sekere farmaseutiese maatskappye word nie vir Stellenbosch 2000 genader nie, maar vir dié fakulteite se Tygerberg Academica-fonds. 'n Afsonderlike insamelingsveldtug hieroor is reeds die afgelope drie jaar aan die gang. Tot aan die einde van 1987 het dit R1,69 miljoen opgelewer, waarvan R325 995 reeds in kontant ontvang is.

Dié fonds sal sorg vir die daarstelling van die beoogde nuwe studentesentrum op die Tygerberg-kampus.

Testamentêre bemakings lewer 'n al hoe belangriker bydrae tot die Universiteit se fondsinsamelingsaksies.

# Skenkings is vir US onontbeerlik

**F**inansiële steun uit die private sektor en van Oud-Maties en ander skenkings het vir die Universiteit onontbeerlik geword, sê mnr. Piet Lombard, die Direkteur van Ontwikkeling en Skakeling.

Hy wys byvoorbeeld daarop dat verskeie nuwe geboue wat die Universiteit verlede jaar opgerig het of begin bou het, uit donasies of uit die US se eie fondse bekostig is.

Dit sluit onder meer in die nuwe gebou van die Buro vir Stelsel ingenieurswese wat in die Tegnopark opgerig word, die nuwe seminaarsentrum wat 15 km suidwes van die kampus gebou is, en 'n wooneenhed vir 12 studente wat met 'n oliemaatskappy se steun digby die Gold Fields-behuingskompleks gebou is.

Daarbenewens het groot skenkings of die US se eie fondse die aankoop van broodnodige navorsingstoerusting moontlik gemaak, sê mnr. Lombard.

Studiebeurse, navorsingstoekennings en die aankoop van biblioteekvoorraad tel onder die Universiteit se hoogste prioriteite, waarvoor daar nie net op die subsidie van die Staat staatgemaak kan word nie.

Bykomende fondse moet eenvoudig hiervoor gevind word. Dit beteken die verskil tussen stagnasie en vernuwing vir navorsing en opleiding aan die Universiteit.

Meer as R15 miljoen (ook van buiteninstansies) is verlede jaar aan beurse en lenings uitbetaal en meer as R2,6 miljoen aan boeke en tydskrifte. "Elke rand wat hieraan besnoei moet word, is ten koste van die Universiteit se doelwit om — veral deur nagraadse studie en gevorderde navorsing — kennis uit te dra," sê mnr. Lombard.

"Dit is waarom ons so dankbaar is vir elke skenking of bemaking aan die Universiteit."

In die afgelope jaar was die Departement Ontwikkeling en Skakeling betrokke by die finalisering van bemakings ten bedrae van sowat R1,8 miljoen.

Benewens die R911 572 wat in 1987 uit boedels verkry is, het 'n aantal testamentêre bemakings gerealiseer waarvan die boedels nie voor die einde van die jaar afgehandel kon word nie. Dit sluit onder meer die erfslating van wyle mnr. John Uys van Heidelberg, Kaapland, in waarvan die waarde op sowat R4,5 miljoen beraam word (berig in Matieland 3:87).

Testamentêre bemakings waaraan daar nie spesifieke voorwaardes gekoppel is nie, word ook gebruik om die Universiteit se Eeuveestrustfonds aan te vul. Dit bestaan reeds bykans 28 jaar en is een van die Universiteit se belangrikste reserwefondse.

Sedert 1979 word daar nie meer insamelingsveldtogene ten bate van die Eeuveestrustfonds gevoer nie. As trustfonds word slegs die verdienste daarvan vir die US se noodsaklike behoeftes gebruik. □



Prof. Mike de Vries (links) oorhandig 'n skenkertifikaat aan mnr. Jan de Necker, voorsitter van die Universiteit se Raad van Trustees, as blyk van waardering vir die feit dat hy die eerste Stellenbosch 2000-beursfonds-polis uitgeen het.

## Talle behoeftige Maties maak beursfonds nodig

Die Universiteit se groot getal behoeftige studente wat geldelike hulp dringend nodig het, asook die akademiese gehalte van 'n hoë persentasie van die Maties, het die instelling van 'n nuwe beursfonds aan die US nodig gemaak. Die Stellenbosch 2000-beursfonds is onlangs ingestel om in die toekoms na hierdie behoeftes te help omsien.

Die beursfonds sal aansluit by die Universiteit se verklaarde strewe om hoogs opgeleide gegradsueerde vir Suid-Afrika se behoeftes teen die jaar 2000 en daarna te voorsien.

Die Universiteit bestee nou jaarliks sowat R1,5 miljoen aan beurse en lenings vir behoeftige studente. Dit is heeltemal te min vir die al groter wordende nood wat hiervoor bestaan. Slegs sowat die helfte van die finansiële behoeftige studente wat jaarliks by die Universiteit se Beurse-afdeling om geldelike bystand aanklop, kan gehelp word.

Altesaam 75% van die behoeftige studente se gesamentlike ouer-inkomste is laer as R20 000 per jaar, terwyl daar selfs ouers is wat tot vyf kinders terselfdertyd op Universiteit het.

Universiteitstudie jaag 'n mens deesdae minstens R6 000 tot R8 000 per jaar uit die sak. Die beurse wat die Universiteit aan sy finansiële behoeftige studente kan gee, is meestal nie eens genoeg om slegs vir klasgeld te betaal nie.

Die Maties se akademiese gehalte is van die hoogste aan enige Universi-

teit in die land. Verlede jaar (die nuutste beskikbare statistiek) het 73% van die eerstejaarstudente met minstens 'n C-gemiddeld (60% of meer) in die skooleindeksamen geslaag. Sowat 13% van die eerstejaars het 'n A-gemiddeld (80% of hoër) in hul skooleindeksamen gehad.

Hierdie hoë akademiese gehalte plaas egter groot druk op die Universiteit om goeie akademiese merietebeurse aan so 'n groot getal studente te kan aanbied.

'n Mens kan tot die Stellenbosch 2000-beursfonds bydra deur 'n uitkeerpolis, waarvan die kapitaal teen die jaar 2000 aan die Universiteit uitgekeer sal word, uit te neem.

Omdat die polis aan die Universiteit gesedeer word, word die premies wat 'n mens hiervoor betaal, as 'n skenking aan die Universiteit geag. Die premies word dus vrygestel van inkomstebelasting, tot 'n bedrag van R500 per jaar of 2% van belasbare inkomste, wat ook al die meeste is.

Die polishouer kan die uitkeerbedrag van die polis oormerk vir 'n beurs- of leningsfonds in 'n vakgebied van sy keuse. As die opbrengs groot genoeg is, kan die beurs- of leningsfonds vernoom word.

Verskeie kinders kan byvoorbeeld saam bydra vir 'n beurs of lening wat na hul ouers vernoem word.

Deur so 'n uitkeerpolis uit te neem gaan 'n mens 'n topbelegging namens die Universiteit aan. En as die polis eendag uitkeer, kan die skepper van die fonds toesien dat die beurse en lenings aan die regte studente van sy keuse toegeken word.

Meer besonderhede hieroor is beskikbaar by mnr. Sunley Uys, assistentdirekteur (fondswerving), Departement Ontwikkeling en Skakeling, Universiteit, Stellenbosch 7600; tel. 02231-774645. □



Mnr. R. Rosenfeldt (links) van Ellerine Holdings het dié firma se jaarlikse skenking aan prof. M. J. de Vries, die Rektor en Vise-kanselier, oorhandig.



Die uittredende Kanselier, pres. P. W. Botha, saam met die drie eregraduandi, drs. Maree, Le Roux en Marais, en die Rektor en Vise-kanselier, prof. M. J. de Vries.

## Skrywer, 2 nyweraars vereer

DIE Universiteit het in Desember eredoktorsgrade verleen aan drie mense wat hulle op verskillende terreine in die samelewing onderskei het:

Dr. S. P. D. le Roux, bekend as die skrywer Etienne le Roux, is met die graad D.Litt. (h.c.) vereer, veral vir die vernuwende rol wat hy in die Afrikaanse letterkunde vervul het.

Dr. (kmdt.) P. G. Marais het veral vir sy bydrae tot die vestiging van Suid-Afrika se eie wapenbedryf die graad D.Mil. (h.c.) ontvang.

Dr. J. B. Maree, aan wie D.Comm. (h.c.) toegeken is, veral vir sy bydrae op die terrein van nywerheidsbeplanning en -bestuur in Suid-Afrika.

**Dr. Le Roux**, 'n boorling van Oudtshoorn, het in Bloemfontein gematrikuleer, waarna hy in die vroeë veertigerjare B.A. en LL.B. op Stellenbosch verwerf het. Nadat hy vir 'n jaar aan 'n prokureursfirma in Bloemfontein verbonde was, vestig hy hom op die familieplaas in die distrik Koffiefontein, waar hy steeds boer.

In 1955 debuteer hy met *Die eerste lewe van Colet* — een van die heel vroegste werke wat tot die sogenoemde beweging van Sestig gereken kan word. Nog twee romans, *Hilaria* en *Die mugu*, verskyn ook in die jare vyftig uit sy pen.

Ná dié drie werke was dit reeds duidelik dat hy besig was met 'n belangrike bydrae om die Afrikaanse roman uit sy stilstand en selfs stagnasie te bevry. Le Roux was die sterkste figuur uit 'n groep skrywers wat feitlik op die Afrikaanse prosatoneel ingegryp het en die Afrikaanse literatuur se taalbeeld binne enkele jare opvallend verander het.

Met sy vierde roman, *Sewe dae by die Silbersteins*, se verskynning in 1962 en twee jaar later die verowering van die Hertzogprys vir dié werk asook die verskynning van nog 'n roman, *Een vir Azazel*, het Etienne le Roux homself bewys as die belangrikste roman-skrywer wat Afrikaans nog opgelewer het.

Op dié vroeëre romans het 'n indrukwekkende reeks werke gevvolg. Hy het reeds elf romans geskryf. In sy latere werke, *Magersfontein*, *O Magersfontein* en *Onse Hymie* het hy voortgegaan om ingrypend te vernuwe.

Die Hertzogprys is reeds twee keer aan hom toegeken. In 1978 het die Natalse Universiteit 'n eredoktorsgraad aan hom verleen. Van sy vernaamste werke is vertaal en wyd oorsee gelees. Sy tweede trilogie het selfs die buitengewone onderskeiding te beurt gevall om in die Penguin Modern Classics uitgegee te word.

In die Universiteit se commendatio vir die verlening van hierdie eregraad is onder meer gesê: "... met dié eerbetoning bevestig Stellenbosch opnuut dat die saak van Afrikaans en die stand van die Afrikaanse literatuur vir hom steeds van primêre belang is."

**Dr. Marais** is op De Aar gebore, matrikuleer in die Paarl en behaal 'n diploma aan die Grootfonteinse Landboukollege. Daarna neem hy aktief aan georganiseerde landboubedrywigheiddeel, onder meer as lid van die SA Landbou-unie se uitvoerende komitee, die Minister van Landbou se advieskomitee en 'n raadslid van die SA Wolraad. Hy is reeds meer as tien jaar die voorsitter van BKB.

Op militêre gebied onderskei hy hom as offisier van verskeie eenhede en die bevelvoerder van sommige daarvan. In 1970 word hy 'n direkteur van Krygkor en in 1971 van Nimrod-promosies en Musgrave. In 1976 word hy Krygkor en die Krygstuiggraad se voorstitter, en met die amalgamasie van dié twee in 1978 die nuwe Krygkor se voorstitter.

In die afgelope tien jaar het sy naam sinoniem met Krygkor geword. Onder sy leiding is Suid-Afrika se militêre paraatheid fenomenaal verhoog en het die land op vele terreine militêr selfversorgend geword. 'n Krygstuigbedryf is in 'n betreklik kort tydperk tot stand gebring. Die plaaslike nywerheidsinfrastruktuur is betrek, navorsings- en ontwikkelingsorganisasies se steun en samewerking is verkry, terwyl Krygkor se produksiesgeriewe uitgebou is om aan die strategiese bedryf nog groter momentum te gee.

Binne 'n dekade het die land se krygstuigbedryf hoogs gesofistikeerd geword en die krygstuignywerheid het van 'n wapentuiginvoerder tot 'n uitvoerder van militêre toerusting ontwikkel. Dié bedryf het ondanks sanksies en strawwe internasionale mededinging 'n waardevolle verdiener van buitelandse valuta geword.

Dr. Marais het as lid van die Minister van Verdediging se Adviesraad, die destydse Eerste Minister se Ekonomiese Adviesraad asook Beplanningskomitee, en as 'n direkteur van Volkskasbank en die Volkskasgroep reeds wyd diens gelewer.

In 1968 is die Suiderkruismedalje asook die De Wet-dekorasie vir lang

en bekwame diens in die kommando's aan hom verleen. Hy ontvang ook die Orde van die Ster van SA (groot offisier) van die Staatspresident in 1979, die Polisiester vir Voortreflike Diens in 1981, die Orde van die Ster van SA (groot kruis) in 1981 en die Dekorasie vir Voortreflike Diens in 1983.

**Dr. Maree** is op Middelburg, Kaapland, gebore en voltooi sy skoolopleiding op Springs. Toe hy in 1948 B.Comm. aan die Witwatersrandse Universiteit behaal het, is hy as die universiteit se voortreflikste finalejaarhandelstudent aangewys.

Hy vorder tot besturende direkteur van die Union Free State Mining and Finance Corporation-groep, ondervoorsitter van die nywerheidskonglomeraat Calan Beperk, voorsitter van Rand Mines Properties en uitvoerende direkteur van Barlow Rand belas met dié onderneming se eienomsbelange en afdeling elektronika.

In 1979 word hy Krygkor se uitvoerende hoof en in 1982 keer hy terug na Barlow Rand. Sedert 1985 is hy die voorsitter van Eskom se Elektrisiteitsraad en sedert verlede jaar ook voorsitter van die Atoomenergiekorporasie.

Hy dien nog in Barlow Rand se raad; is die voorsitter van Kentron, Naschem en die Pretoriase Metaalperswerke; is 'n direkteur van Krygkor, Nedbank, die SA Permanente Bouvereniging, die Ontwikkelingsbank van SA en talle ander maatskappye; en is 'n lid van die Staatspresident se Ekonomiese Adviesraad en Energiebeleidskomitee van die Departement Mineraal- en Energiesake.

## Drasties

Hy het as Eskom-voorsitter drastiese aanbevelings van die Kommissie van Ondersoek na Elektrisiteitsvoorsiening baie suksesvol in werking gestel. In 'n kort tyd het Eskom — wat met sy totale bates van sowat R35 biljoen waarskynlik die grootste onderneming in Suid-Afrika is — drastiese veranderings ondergaan.

Vir sowat 40 jaar het dr. Maree uitmuntende diens aan sy land gelewer, veral ten opsigte van die mynbou, nywerheidswese en kragvoorsiening. Hy word as een van Suid-Afrika se voortreflikste sakelui beskou.

Vir sy bydrae tot landsverdediging het hy in 1985 die Ster van SA van die Staatspresident ontvang. Voorverledejaar het hy 'n eretoekenning vir "Achievement in management excellence" van die Witwatersrandse Universiteit se sakeskool en alumni ontvang.

Die Universiteit het hom met hierdie eredoktorsgraad vereer vir sy betekenisvolle bydraes en diens aan die Suid-Afrikaanse nywerheid in die algemeen, en veral die wapennywerheid en elektrisiteitsvoorsiening. □





Doktorsgrade in lettere en wysbegeerte en in regsgelerheid is op die eerste gradeplegtigheid in Desember toegeken aan AGTER, van links af: dr. J. W. Ewert (sosiologie), D. W. Butler (handelsreg.), W. T. W. Cloete (Semitiese tale), A. E. Bekker (geskiedenis), M. Broodryk (geskiedenis), J. S. Kotzé (geskiedenis) en M. W. Visser (Afrikatale). VOOR: dr. J. H. Hunter (Semitiese tale), N. A. B. Bestbier (geskiedenis), K. L. Dreyer (sosiologie), H. D. du Toit (sielkunde), A. E. Feinauer (Afrikaans en Nederlands) en M. E. de Leeuw (maatskaplike werk). Dr. J. P. Groenewald (sosiologie) se graad is in sy afwesigheid toegeken.



Agt doktorsgrade is op die tweede plegtigheid in Desember in die fakulteite van Natuurwetenskappe, Ingenieurswese, Geneeskunde en Bosbou toegeken. AGTER: dr. C. Boucher (botanie), C. M. L. Steinmann (geneeskundige fisiologie), R. Menkveld (sitologie) en R. A. Emsley (psigiatrie). VOOR: dr. L. C. Geustyn (siviele ingenieurswese), E. Jansen van Rensburg (biochemie) en D. C. Grey (boskunde). Dr. P. T. Adamson (siviele ingenieurswese) se graad is in sy afwesigheid toegeken.

Regs: Op die laaste gradeplegtigheid in Desember het die uittredende Kanselier doktorsgrade in die fakulteite Opvoedkunde, Landbouwetenskappe, Teologie asook Handel en Administrasie toegeken. Dié nuwe doktore is, agter: drr. L. P. Van Kradenburg (Onderwysadministrasie), W. S. du Plessis (Fundamentele Opvoedkunde), P. J. Naudé (Dogmatologie) en J. A. Victor (Diakoniologie). Voor: drr. A. J. Malan (Bedryfseielkunde), J. H. du Toit (Menslike Bewegingskunde), J. C. Kotzé (Didaktiek) en A. A. de Villiers (Bedryfsekonomie).

Op die Maart-gradeplegtigheid het 27 mense doktorsgrade ontvang. Hulle is, agter: drr. R. J. de Beer (Ou Testament), C. J. J. Oosthuizen (Mensgenetika), B. Kaiser (Ekklesiologie), W. van Zyl (Afrikaans en Nederlands), J. F. J. Schuller (Bedryfsekonomie), L. Raitt (Botanie), J. A. van den Heever (Soölogie), M. P. Whelan (polimeerwetenskap), F. L. D. Cloete (chemiese en metallurgiese ingenieurswese), E. Jacobs (polimeerwetenskap), B. Ficker (Besigheidsbestuur en -administrasie), P. J. Pretorius (Chemie), C. Nelson (Politieke Wetenskap) en C. Gerber (Kliniese Sielkunde). Middel: drr. F. E. van Niekerk (Dierefisiologie), D. Swart (Pluimveekunde), W. A. Smith (Veekunde), T. W. Drinkwater (Entomologie), I. C. Potgieter (Sendingwetenskap), J. H. Malan (Menslike Bewegingskunde) en H. A. Ras (Chemie). Voor: drr. F. Ellis (Grondkunde), J. Coetzee (Skaap- en Wolkunde), E. van Zyl (Latyn), B. Nurse (Chemiese Patologie) en J. H. van der Poel (Ortopedagogiek). In absentia: dr. M. C. Dippenaar (Nuwe Testament).



Bo: Die Departement Geskiedenis het einde verlede jaar self geskiedenis gemaak toe vier graduandi terselfdertyd onder een promotor, Prof. Diko van Zyl (middel) as doktore gepromoveer het. Hulle is (agter) drr. Maritz Broodryk, vise-rektor van die Onderwyserskollege Wellington; Kobus Kotzé, Hoof van die Departement Krygsgeskiedenis aan die U.S. se Fakulteit Krygskunde op Saldanha; en (voor) Klaasie Bestbier, voormalige hoof uitvoerende beampete van die Sagtevrugtrouaard; en Anton Bekker, Dosent aan die Universiteit Vista.



Dit is dr. Bestbier se tweede doktorsgraad (die vorige is in die landbouwetenskappe).

Bo: Mej. Ibeth Toerien, wat in Desember die eerste vrou aan die Universiteit geword het om 'n meestergraad in ingenieurswese te verwerf. Sy het die graad in die elektroniese ingenieurswese behaal. By haar is haar ouers, mnr. L. M. Toerien, 'n assistent-registrateur aan die U.S., en mev. Marie Toerien.



Above: Looking at the Soviet Union . . . From left, Dr. Philip Nel, the Institute's Director, and his two research assistants, Miss. Adele Wildschut and Mrs. Susan Roothman

Below: The librarian of ISSUS, Mrs. Amy van Niekerk. The library has a valuable collection of Soviet journals, newspapers, pamphlets and books.

**T**he Institute for Soviet Studies at the University of Stellenbosch (ISSUS) as it stands today, was established in 1986. Its forerunner, the Institute for the Study of Marxism (ISMUS), originated from small beginnings in 1980, when a need was felt for systematic and interdisciplinary research relating to the question of Marxism.

At its inception, ISMUS functioned under the part-time directorship of Prof. Dirk Kotzé, then of the History Department, assisted by a Management Committee consisting of representatives of various departments and faculties.

Today the Institute has as its full-time director, Dr. Philip Nel, as well as two full-time researchers, a librarian, a secretary and a second typist. Research assistants are appointed from time to time on an ad hoc basis to assist with the ever-increasing work load.

## Expanded

The original idea of a research body to stimulate and undertake systematic and interdisciplinary research, was expanded over the years to include a wide range of aims and activities, which today mark the achievements of ISSUS.

The present Institute, the only one of its kind in South Africa, has formulated the following aims to support its *raison d'être*: to promote Soviet studies as an academic discipline in South Africa; to contribute to a balanced and well-substantiated evaluation of Soviet policies in general, and specifically Soviet policy towards Southern Africa and; to serve as a repository of information on all aspects of the Soviet state and society, Soviet foreign policy and the Russian language and culture.

The formulation of these aims was necessitated by the need for objective,

"...South Africans of all persuasions will have an ever-increasing need for a steady flow of reliable information on the global policies of the USSR . . ."

# Knowing more about the Soviets



comprehensive and substantiated information on the policies of the USSR.

In the Institute's own words, "Irrespective of South Africa's political future, South Africans of all persuasions will have an ever-increasing need for a steady flow of reliable information on the global policies of the USSR and all factors influencing it".

In pursuance of these aims the Institute engages in the following activities: self-initiated and contract research projects; a publication programme which includes the issue of a bi-monthly journal *Soviet Revue*/

*Sowjet-Revue*, as well as various papers, articles and research reports; building up a comprehensive library collection of primary Soviet material; organising public lectures, seminars and conferences on relevant issues and the cultivation of scholarly contacts with similar institutes abroad.

Under the leadership of Dr. Nel, the Institute has built up contacts with influential and important researchers and specialists not only in the Western world, but as far afield as Moscow, where he was permitted to attend a conference in August 1987.

He is undoubtedly one of South Afri-

KURRIKULUMONTWIKKELING word deesdae in die onderwys baie sterk beklemtoon. Dit word al hoe meer as baie belangrik vir elke onderwyser beskou.

Die doelstelling van die heeltyds ge rigte M.Ed.-kursus in Didaktiek (Kurrikulumkunde) wat die Universiteit verlede jaar vir die eerste keer aange bied het, is om onderwysers se kennis en kundigheid ten opsigte van kurrikulumkunde te ontwikkel, asook om hul perspektiewe oor kurrikuleringspraktyke, vakkurrikulumontwikkeling en vakkidaktiese aangeleenthede te verbreed.

Dit kan onderwysers in staat stel om doeltreffender aan die eise van die huidige kurrikuleringuitdagings te voldoen.

Die omvattende kursusinhoud maak vir twee hoofkomponente, Kurriku



Verlede jaar se kursusgangers (agter): Mnre. L. P. Louw, Liebenberg en V. C. Burger, mej. Muller, mnr. J. A. Borman, mev. Oosthuizen, en mnre. A. C. Fourie en V. C. Bosman. Voor is die aanbieders, prof. T. Park, dr. A. E. Carl (kursussameroeper), prof. J. Cawood, dr. J. C. Coetzee en mnr. D. R. Schreuder.

## Kurrikulumkunde weer in 1989 aangebied

lumkunde en Vakkidaktiek (primère of sekendêre skool), voorsiening.

Ander komponente vir eksaminering is vakonderrigopleiding, dataverwerking, 'n capita selecta uit die vakdissipline, gevorderde didaktiese studies en 'n tesis.

Agt studente het verlede jaar die kursus gevolg. Die spesifieke vakkidaktiese rigtings waarin hulle onder an-

dere gespesialiseer het, is geskiedenis, biologie, Engels en Bybelonderrig (een student in elk daarvan) en jeugweerbaarheid (vier studente).

Dr. Arend Carl van die Departement Didaktiek was die kursussameroeper. Die ander dosente was proff. J. Cawood, P. G. Human en T. Park, drr. J. C. Coetzee en J. C. Steyn asook mnre. D. R. Schreuder en J. J. Swartz.

'n Evaluering van die kursus het getoon dat daar in die gestelde doelstellings geslaag is en dat daar in 'n wesenlike behoeftte by onderwysers voorsien is.

Die kursus word net elke twee jaar aangebied. Dit word dus volgende jaar weer herhaal. Navrae kan gerig word aan dr. Carl by die Departement Didaktiek, telefoonnummer 02231-772288. □

## Soviet studies

ca's leading Sovietologists and as such, gives the Institute a high international credibility.

A seminar arranged by the Institute in Cape Town in February, drew four leading international specialists on Soviet affairs from West Germany, England and the USA. They were Prof. Peter Knirsch (West Berlin), Dr. Christopher Coker (London), Dr. Klaus Lange (Munich) and Mr Dimitri Simes (USA). These specialists have, between them, published no less than thirty-one books and more than 300 papers and essays.

The two full-time researchers at the Institute, Susan Roothman and Adele Wildschut, are both involved not only in the running research of the Institute but also give lectures and deliver papers at symposia and seminars, as well as collect and process data for the consultation service which the Institute undertakes on behalf of interested persons, groups and institutions.

Susan Roothman obtained a Masters degree at the University of South Africa in political science and is pre-

sently engaged in research for a doctoral thesis on an events-analysis approach to Soviet/African contacts.

Adele Wildschut is a B.Proc. graduate from the University of Cape Town and spent five years, from 1981-1986, in Vienna, Austria, working and studying for the post-graduate diploma in international relations at the Diplomatische Akademie. She also has a good working knowledge of the Russian language.

The library at the Institute plays an important role in the carrying out of its activities. Obtaining primary sources, i.e. Soviet publications, is one of its priorities and already a valuable collection of Soviet journals, newspapers, pamphlets and books has been built up. Most of these are in English, although some, such as the newspapers *Pravda* (The Truth) and *Izvestija* (News) are only available in Russian.

At present, the data of a bibliography titled *Soviet Literature on Africa* is being computerized. This bibliography consists of articles which appear in Soviet publications and deal with Africa's political, economic and ideological problems.

According to the Institute, Soviet journals seldom contain annual indexes and this bibliography therefore plays an important role in tracing relevant Soviet articles on Africa.

Apart from the fast-expanding book collection, the library receives 130 current journals and has an article and pamphlet collection of some 5 500 items. The facilities are thus invaluable to researchers and other persons interested in Soviet matters.

The Institute, although partly financed by the University, is largely dependent on income generated through contract work, grants and donations. Donors are granted certain privileges, such as the free use of the Institute's facilities and receipt without charge of the Institute's publications.

In the words of Dr. Nel: "The current attempts at initiating communication between the USSR and South Africa, which are supported both in Moscow and Pretoria incidentally, makes it even more important that academic study of the Soviet Union is stimulated in our country. The Institute hopes to make a modest contribution in this regard." □

# Nuwe buro help om predikante beter toe te rus

Die Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding en Navorsing (BUVTON) funksioneer amptelik van die begin van die jaar af. Sy direkter, ds. Michiel van der Merwe, wy vanjaar hoofsaaklik aan 'n deeglike behoeftebepaling om vas te stel watter kursusse aangebied moet word.

Om die behoeftebepaling te maak, word daar met verskillende belangsgroepe geskakel. Vraelyste en dinkskrumgroepe op strategiese plekke word gebruik om vas te stel watter behoeftes aan voortgesette theologiese opleiding deur gemeentes en predikante ervaar word.

Die Kweekskool se dosente sal genader word om die noodsaaklike behoeftes wat uit die theologiese wetenskap na vore kom, te bepaal. Ds. Van der Merwe bly ook in noue voeling met die verskillende kommissies van die kerk en skakel in by ondersoke en studiegroepe wat direk met die bediening van die kerklike ampte make het.

In die ontwerp van kursusse, hou BUVTON deeglik rekening met die groot verskille wat daar tussen gemeentes en predikante kan bestaan. Die verskille tussen stads- en plattelandse gemeentes, tussen kleiner en groter (of makro-) gemeentes, of die behoeftes wat slegs in sekere streke voorkom, moet byvoorbeeld in ag geneem word. Die predikante se verskil in diensjare of in hul theologiese opleiding moet ook by die ontwerp van kursusse in ag geneem word.

Hoewel sommige van die kursusse by die Kweekskool op Stellenbosch aangebied word, sal baie daarvan op ander plekke oral in Kaapland gehou word, om reiskoste vir die kursusgangers te bespaar en die wydste moontlike deelname te verseker.

## Videokasette

'n Groot probleem wat oorbrug moet word, is die beperkte tyd wat dosente het om as kursusleiers op te tree — veral in sentra buite Stellenbosch. Hulpmiddels soos videokasette gaan gebruik word sodat die dosente en ander vakkundiges nie self by elke aanbieding hoeft op te tree nie.

Die kursusse gaan beslis nie net teoreties wees nie, sê ds. Van der Merwe. Die kursusgangers sal byvoorbeeld die geleentheid kry vir praktiese inoefening of om materiaal (soos preke) vir gemeentegebruik te ontwikkel.

'n Groot verskeidenheid van kursustypes word voorsien. Afgesien van opknappings- en ander kort kursusse, kan 'n volledige kursuspakket (byvoorbeeld oor 'n onderwerp soos gemeentegebou) bestaande uit 'n hele aantal modules aangebied word, waar elke module twee of drie weke kan duur en

oor 'n paar jaar versprei sal wees.

Vanaf 1991 sal 'n jaarlikse kursus van vyf weke ook ingevolge 'n besluit van die NG Kerk se Algemene Sinode, aangebied word vir predikante wat in hul derde en vierde jaar van bediening is nadat hulle met slegs ses jaar universiteitsopleiding (ipv sewe soos voorheen) afgestudeer het. Dié kursus word saam met die twee ander NG Kerk-kweekskole opgestel.


Predikante se opleiding is enkele jare gelede met 'n jaar verkort. Daar word gevoel dat dié kursus van vyf weke hul beter kan help om die eise wat hul self in die praktyk ervar het met nuwe oplossings en insigte te benader.

Die Universiteit se Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys

Die begroting van BUVTON word geborg deur die Kuratorium van die Ned. Geref. Kerk in SA. 'n Afgetrede dekaan van teologie, prof. Dawid de Villiers, wat die vader van BUVTON genoem kan word, besoek reeds die afgelope aantal jare gemeentes oral in Kaapland om fondse vir die buro se werk in te samel.

Die buro word in Noordwal-Wes 5, 'n gerestoureerde woonhuis op dieselfde terrein as die Kweekskool, gehuisves.

Ds. van der Merwe, 'n Oud-Matjie, was predikant in sinodale diens asook moderator vir die Streeksinode van Noord-Kaapland, voordat hy in sy huidige pos aangestel is. Sedert hy in 1974 gelegitimeer is, was hy ook



Ds. Van der Merwe in sy kantoor op Stellenbosch.

(BUVO) asook US-dosente, byvoorbeeld van die departemente Sielkunde en Sosiologie asook die Bestuurskool, word betrek om BUVTON te help met die behoeftebepalings asook die kursussamestelling.

dosent in Bybelkunde aan die Randse Afrikaanse Universiteit, asook leraar op Jan Kempdorp. Hy is reeds ver gevorder met sy doktorsgraadstudie in Ou Testamentiese vakke aan die US. □



Mnr. Dawie de Beer, Gencor se hoof-bestuurder: korporatiewe kummunikasie, was die hoofsprekker by 'n sertifikaat-oorhandigingsfunksie vir US-studente in ondernemingsbestuur, verlede jaar op Vanderbijlpark.

**A**s Suid-Afrika se arbeidstruktuur met ander lande s'n vergelyk word, word 'n redelik mistroostige beeld geskilder. So is dit uiterst ontstellend om te bevind dat slegs ongeveer 9% van die arbeidsmag hulself in die bestuurs-, tegniese en professionele kategorie bevind — teenoor byvoorbeeld die VSA waar meer as 32% van die totale arbeidsmag in hierdie kategorie geklassifiseer kan word. Teen 1900 was 10% van daardie land se arbeidsmag reeds in dié kategorie.

Wat Suid-Afrika betref, is daar nie veel rede om te verwag dat die huidige posisie in die onmiddellike toekoms beduidend sal verbeter nie. Dit hou natuurlik verreikende implikasies vir ons land se bestuurslui in.

Die mees voor-die-hand-liggende implikasie is natuurlik dat die verhouding bestuurder:werkers, steeds groter gaan word. Dit sal besondere hoeë eise aan veral die personeelbestuurskennis en -vaardighede van bestuurslui stel.

## Tekort

'n Verdere implikasie is die sterk waarskynlikheid dat as gevolg van 'n fisiese tekort aan bestuurders, daar in steeds toenemende mate van bestuurslui verwag sal word om verskeie bestuursfunksies in die onderneming te hanteer. Dus, 'n al hoe groter wondende vraag na algemeniste eerder as eng-gespesialiseerde bestuurslui.

Om doeltreffende totale ondernemingsbestuur te kan verseker, sal bestuurslui afgesien van in hul onderskeie spesialisrigtings, dus moet verseker dat hulle goed onderleg is in veral algemene, finansiële, bemarkings- en personeelbestuur. Dit is na alle waarskynlikheid die enigste wyse waarop 'n effektiewe en geïntegreerde bestuursbenadering verseker kan word.

# Ondernemingsbestuur: Program oorbrug probleme

Deur TOBIE DE CONING, hoof van die Eenheid vir Entrepreneurskap en Kleinsakebestuur, US-Bestuurskool, Bellville

Ongelukkig is dit egter 'n praktiese realiteit dat sakelui, veral vanweë tyd- en afstandsoorwegings, normaalweg nie geredelik in staat is om van die opleidingsfasilitete wat in die groter sentra beskikbaar is, gebruik te maak nie. Vanweë hul noue betrokkenheid by die bestuursfunksies van die onderneming, vind hulle dit dan ook gewoonlik baie moeilik om, selfs vir kort tydperke, van hul ondernemings weg te wees.

Die Afrikaanse Handelsinstituut het besef dat daar as 'n saak van dringendheid 'n gesikte alternatief vir hierdie bestuurslui gevind moes word. Gevolglik is die Eenheid vir Entrepreneurskap en Kleinsakebestuur van die Universiteit van Stellenbosch-Bestuurskool opdrag gegee om 'n gesikte program, wat hierdie struikelblokke sou oorbrug, te ontwikkel.

Die resultaat was die Program in Ondernemingsbestuur wat reeds sedert die begin van 1987 met groot sukses aangebied word. Dié program stel bestuurslui in staat om in hul onderskeie ondernemings en na gelang van eie behoeftes, gevorderde praktiese bestuursopleiding te ondergaan.

So word verseker dat bestuurslui toegerus sal wees om die uitdagings wat nou én in die toekoms aan hulle gestel sal word, suksesvol te kan hanteer.

Die program strek oor 12 maande en bestaan uit vier modules van drie maande elk — Algemene, Finansiële, Bemarkings- en Sakeversekering en Belasting/Personeelbestuur. Studente hanteer slegs een module per keer en handel dit volledig af voordat daar met 'n volgende module begin word.

Inskrywings vir hierdie program word vier maal per jaar aanvaar, in Januarie, April, Julie en Oktober. Dit beteken dus dat 'n student wat in Julie vanjaar



Mnr. De Coning

inskryf, die program in Junie 1989 voltooi.

Wanneer 'n student vir die program regstreer, ontvang hy per module 'n volledige stel kursusmateriaal wat op eie stoom deurgewerk word. Dosente is egter deurlopend bereikbaar om studente van raad en leiding te bedien. Per module word taakopdragte voltooi wat direk toegepas word op die onderneming waarin die bestuurder werkzaam is. Hierdie taakopdragte word deur die student aan die Eenheid by die Universiteit van Stellenbosch gestuur waar dit geëvalueer word en daarna, vergesel van volledige kommentaar, aan die student teruggestuur word.

By voltooiing van al vier modules verwerf studente 'n Sertifikaat in Ondernemingsbestuur, uitgereik deur die Instituut vir Toegepaste Bestuurswetenskappe van die Universiteit van Stellenbosch.

## Programkoste

Die programkoste, wat ook dié van alle studiemateriaal insluit, bedra R750. Hiervan is R150 (registrasie) en die eerste modulegelde (R150) by inskrywing betaalbaar, en daarna R150 per module vooruitbetaalbaar. Bestuurders kan ook, na gelang van eie behoeftes, slegs vir enkel modules regstreer teen R40 registrasie en R150 per module.

Neem nou die inisiatief om te sorg dat u deeglik voorberei is vir die groot bestuursuitdagings waarvoor u te staan kom. Moenie langer huiwer nie.

Inskrywings vir die Julie-inname van die program word nou ingewag. Skakel mev. Lynette Goosen by tel. (021) 953-3117 of skryf aan: Die Programleier, Program in Ondernemingsbestuur, Universiteit van Stellenbosch-Bestuurskool, Posbus 610, Bellville 7530. □

**P**rof. Rias van Wyk, 'n dosent in bedryfsekonomie en hoof van die Universiteit se eenheid vir die Studie van Tegnologiese Innovasie (USTI), het in Februarie op 'n internasionale konferensie oor tegnologiebestuur — die eerste ter wêreld — wat in Miami, Florida, gehou is, verslag gedaan oor die resultate van dié belangrike navorsingswerk op Stellenbosch.

Afgevaardigdes van sowat 30 lande was by die konferensie. Prof. Van Wyk was die enigste Suid-Afrikaner daar.


Voorste Westerse universiteite asook multi-nasionale ondernemings soos Boeing, Xerox, AT&T, IBM en GTE, het hulle deskundiges wat op die voorposte van navorsing en ontwikkeling in hierdie veld staan, daarheen gestuur.

Die Universiteit van Stellenbosch doen reeds sedert 1983 navorsing oor die procedures vir tegnologiebestuur. Dié werk het voorheen al internasionale lof uitgelok. Dit vorm die grondslag van die procedures vir tegnologiebestuur wat in Suid-Afrika en selfs in die buiteland toegepas word.

Prof. Van Wyk bied kursusse oor tegnologiebestuur en -opleiding by die

# Wêreldkongres hoor van US-navorsing

Universiteit, asook die Universiteit Kaapstad se nagraadse bestuurskool, aan.



Prof. Van Wyk.

Dit is 'n navorsingsveld wat oornag die brandpunt van intense internasionale belangstelling geword het, sê prof. Van Wyk. "Baie Westerse lande skryf hulle relatief swak ekonomiese prestasies toe aan die swak bestuur van tegnologie, eerder as die tekortkominge van die tegnologie as sodanig."

In Miami is daar gekyk na die voor-spelling, inwerkingstelling en beheer van tegnologiese verandering binne nywerheids-, opvoekundige, navorsings- en openbare besluitnemingsomgewings.

Temas soos die internasionale oordrag van tegnologie, tegnologie en ekonomiese ontleding, navorsings-en ontwikkelingsbeleid, kulturele en opvoekundige vraagstukke en die nuutste ontwikkelinge in vervaardigstegnologie was onder die soeklig. □

## Winterskool bied weer baie

LESINGS OOR nege interessante onderwerpe gaan in Junie by die Universiteit se jaarlike Winterskool vir die publiek aangebied word. Die onderwerpe daarvan wissel van beleggingsalternatiewe vir kleiner beleggers, strategiese bemarking vir beroepslei en beroepsprobleme van die vrou tot musiekwaardering, die ontwikkeling van die voorskoolse kind en die Christelike godsdiens in Rusland vandaag.

Die Winterskool word gedurende 6-10 Junie by die Universiteit gehou. Dosente en navorsers van die US sal die lesings aanbied. Die Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys (BUVO) reël die Winterskool.

Die verskillende onderwerpe is:

- Beroepsprobleme van die vrou: Hoe sy die eise van haar beroep en haar huis kan versoen. Die Departement Bedryfsielkunde bied dié een lesing aan.
- Wat 'n ma kan doen om haar voorskoolse kinders se ontwikkeling te stimuleer: 'n nuwe kykie deur 'n ou bril. Aangebied deur die Departement Arbeidsterapie.
- Musiekwaardering vir die leek: 'n reeks lesing-demonstrasies wat

daarop gemik is om deur meer insig in verskillende genres, die luistergenoot daarvan vir die musiek liefhebber te verhoog. Die Duitse kunslied, die orrel, hedendaagse kunsmusiek en die klassieke simfonie kom aan die beurt. Vier Konservatoriumdosente is die aanbieders.

- Die duisendjarige bestaan van die Christelike godsdiens in Rusland. Aangebied deur die Instituut vir Sowjet-studie. 'n Russies-Ortodokse priester sal ook optree, Russiese kerkmusiek sal voorgespeel word en 'n skyfievertoning gaan aangebied word.
- Strategiese bemarking vir beroepslei: prof. Hein Oosthuizen van die Bestuurskool lei dié aanbieding.
- Beleggingsalternatiewe vir die kleiner belegger: lesings oor portefeuille-samestelling, beleggingsdiens, die Johannesburgse Effektebeurs en die basiese ontleding van finansiële state. Dosente van die Departement Bedryfsekonomie bied dit aan.
- Die persoonlike rekenaar: 'n gesofistikeerde tikmasjien binne almal se bereik. Dit is 'n praktiese woordeverwerkingskursus waar-

voor slegs 'n beperkte getal inskrywings toegelaat sal word. Toegepaste wiskundige mnr. John Uys is die kursusaanbieder.

- Die Westerse kultuur vandag: krisis? katarsis? katastrofe? Dit is 'n reeks lesings oor onderwerpe soos Die konsep "kultuur", Hedendaagse tendense, Beleef ons nou 'n krisis?, Modernisme versus Postmodernisme, Kultuur en permissiwiteit. Proff. Willie Esterhuyse en Johan Degenhaar bied dit saam met ander dosente van die Departement Filosofie aan.
- Gevorderde kledingkonstruksie: 'n vaardighedsgerigte kursus, aangebied deur die Departement Huis-houdkunde.

Die kursusgeld wissel van R5 vir sommige lesings tot R80 vir die kursus oor kledingkonstruksie en R120 vir die rekenaarkursus.

Vir die meeste kursusse is die sluitingsdatum die einde van Mei.

Meer besonderhede is beskikbaar by, en aansoeke kan gerig word aan: mej. Lorraine van As, Winterskool '88, BUVO, Carnegiegebou, Universiteit Stellenbosch 7600, telefoonnummer (02231) 77-3567/77-3078. □



Buitelandse besoekers wat vroeër vanjaar by INTUS se seminare betrokke was, saam met personeellede van die instituut. Van links is mej. R. Poitevien van Venezuela, dr. M. S. Odendaal van INTUS, prof. D. H. van der Vyver,

direkteur van INTUS, mevv. B. Capdeville van Venezuela en K. Olsen van die VSA, prof. en mev. J. Hand, ook van Amerika, en prof. Justus Roux, INTUS-projekleier.

# INTUS sluit ooreenkoms met Gold Fields

Die Instituut vir Taalonderrig (INTUS) was vanjaar al verskeie kere in die nuus. Vroeg in Januarie het die instituut 'n seminaar aangebied wat op die verbetering van taalonderrig in skole, staatsdepartemente en die privaatsektor gemik was. Kort daarna is 'n belangrike, omvangryke opleidings- en navorsingsooreenkoms met Gold Fields Training Services in Johannesburg gesluit.

Personnel van INTUS asook van die Gold Fields-opleidingsentrum, Departement Buitelandse Sake, Universiteit van Zoeloeland en KwaZulu se Departement Onderwys en Kultuur het aan die seminaar deelgeneem.

Buitelandse sprekers wat by die seminaar opgetree het, is mej. Kristine Olsen van IBM in Amerika, mev. Beatriz Capdeville en mej. Raquel Poitevien van Venezuela se "Project Intelligence" en prof. James Hand van die Universiteit van Illinois in die VSA. Hy is die president van die Internasionale Vereniging vir Versnelde Onderwys en Leer.

Voordat die buitelandse geleerde Suid-Afrika verlaat het, het hulle ook deelgeneem aan seminare wat die instituut by Eskom en die Gold Fields-opleidingsentrum in Johannesburg aangebied het.

Deur die ooreenkoms met Gold Fields Training Services het INTUS nou betrokke geraak by taalonderrig in die privaatsektor. Dit beteken dat die instituut betrek is by 'n omvangryke opleidings- en navorsingsprojek in die Gold Fields-opleidingsentrum in Johannesburg.

Die instituut sal meestersinstrukteurs van die mynmaatskappy oplei om taalkursusse aan te bied en te verbeter, en sal die kursusse se doeltreffendheid evalueer.

Verder sal INTUS die meestersin-

strukteurs oplei om ander instrukteurs in die Gold Fields-groep op te lei sodat hulle taal- en geletterdheidskursusse kan opstel, aanbied en verbeter.

Vanweë die instituut se intensiewe en omvangryke betrokkenheid by 'n hele aantal eksperimente en navorsingsprojekte, beskou Gold Fields

Training Services INTUS as 'n waardevolle venoot vir doeltreffende opleiding, evaluering en gehalte beheer.

Die maatskappy se opleidingsopset bied weer vir INTUS 'n waardevolle laboratorium waarin vernuwende benaderings tot taalonderrig getoets en verfyf kan word. □



## Pryse vir Nederlandse letterkunde

Mej. Mindah Dickson (middel) het die Departement Afrikaans en Nederlands se W. E. G. Louw-prys ontvang omdat sy verlede jaar die departement se beste finalejaarstudent in die Nederlandse letterkunde was. Mej. Juanita Firmani (naasregs) het by dieselfde prysuitdeling wat onlangs gehou is, die Nederlandse ambassade se boekprys ontvang. Hulle is hier by drie dosente van die departement, ðr. Etienne Britz, mev. Dorothea van Zyl en Prof. Lina Spies.



Mej. Ronel Nel (vierde van links) aan wie die groot CAR-beurs vir joernalistiekstudente vanjaar toegeken is, ontvang 'n toegif. 'n eksemplaar van Roget's Thesaurus van mnr. Alan Ramsay, voorsitter van Ramsay Son & Parker, uitgawer van die tydskrif CAR.

Ook op dié foto, wat by 'n geselligheid ná die Maart-gradeplegtigheid geneem is, is, van links: prof. Johannes Grosskopf, hoof van die Departement Joernalistiek, en mej. Marion Shaer, Andrea Weiss, wat verlede jaar se CAR-beurshouer en ook die wenner van die CAR-prys vir die beste student in haar klas was, en Carin Ferreira.

Mej. Shaer en Ferreira het prestasiebeurse van CAR ontvang. Mej. Nel en Shaer dien albei vanjaar in die Studenteraad.

Die Departement Joernalistiek se tiende honneursklas het in Maart grade ontvang.

Foto: Dirk Potgieter

DIE UNIVERSITEIT se Strykensemble het sy tiende bestaansjaar verlede jaar met 'n reeks feesuitvoerings gevier. Oud-lede van die ensemble het van so ver as Pretoria gekom om aan dié konserdeel te neem.

In April 1977 het die Strykensemble sy eerste uitvoering gehou. Dit was in die Botaniiese Tuin se Amfiteater by Kirstenbosch, as deel van die Kaapse Fees.

Die ensemble is gestig sodat studente van die Konservatorium in praktiese orkeswerk opgelei kan word en ondervinding kon opdoen. Onder die leiding van Eric Rycroft — wat sedert die stigting daarvan die dirigent is — het die ensemble gou bekend geword vir die hoë peil wat hy handhaaf, die keuse van die repertoria en die lede se geesdrif.

## Merkwaardig

Vandag word dit as een van die mees uitstaande strykensembles in die land beskou. Dié prestasie is merkwaardig as 'n mens in ag neem dat die spelers gedureng wissel, omdat hulle meestal studente is wat die ensemble verlaat as hulle afstudeer.

'n Interessante aspek van die ensemble is dat sy lede nie almal musiekstudente is nie. Baie van hulle studeer in die ingenieurswese, beeldende kunste, teologie, geneeskunde en ander studierigtings, terwyl hulle strykensemblewerk slegs as 'n tydverdryf beoefen.

Sedert sy ontstaan het die Strykensemble reeds meer as 120 volwaardige werke uitgevoer. Die styltydperke is wyd uiteenlopend — van die Barok-tydperk tot die mees resente.

Suid-Afrikaanse komponiste soos Hubert du Plessis en Roelof Temmingh het opdragwerke vir die ensemble geskryf, wat met welslae uitgevoer is. Temmingh is 'n dosent en

# Strykensemble het al baie vermag sedert 1977


Du Plessis 'n afgetrede dosent van die Konservatorium.

Die ensemble het reeds drie keer as Naruk se gaste konsertoere deur Natal onderneem.

In 1985 is 'n baie geslaagde buitelandse toer na Spanje, Italië, Wes-Duitsland en Oostenryk onderneem. Die hoogtepunt van die toer was die ensemble se deelname aan 'n internationale Bach- en Händel-fees in Noord-Italië, waar die ensemble ook 'n televisie-uitvoering gehad het.

In Oostenryk het die ensemble aan 'n internasionale jeug-musiekfees in Wenen deelgeneem. Uit agt deelnemers is hulle met die derde prys beloon. Die paneel beoordelaars het besonder hoë lof vir die ensemble se optrede gehad.

Die ensemble beplan sy tweede buitelandse toer later vanjaar. As die nodige fondse bekom word, sal Israel en Europa besoek word. □



Prof. Eric Rycroft, wat die US-Strykensemble se dirigent is sedert hy dit elf jaar gelede gestig het. In 1981 het hy ook die US-Simfonieorkes van sowat 80 lede gestig. Hy dirigeer gereeld die Kruik-orke en het reeds die Sukovs-orke en Nasionale Orkes gedirigeer. Verlede jaar het hy die Siebert Nasionale Orkeswedstryd gewen.

Hy tree ook gereeld landwyd op as vioolsolis en is 'n lid van die hoogs aangeskrewe Endler-trio.

## Die Stellenbosse Student

OUD-MATIES en andere kan eksemplare van die 1988-uitgawe van Die Stellenbosse Student teen R6 elk bekom. Die blad verskyn in Oktober vanjaar, maar die bestellings moet reeds voor die einde van Julie geplaas word.

Belangstellendes moet hul name en adresse saam met die geld stuur aan: Die Redakteur, Die Stellenbosse Student, Langenhoven-studentesentrum, Universiteit Stellenbosch 7600.

VERSKEIE professore, ander dosente asook ander personeellede van die Universiteit het verlede jaar ná lang dienstydperke afgetree. Onder hulle was die volgende nege professore, waarvan een lank dekaan was:

Prof. A. Nel het teen die middel van verlede jaar afgetree nadat hy 40 jaar aan die Universiteit verbonde was. Hy het M.A. en D.Phil op Stellenbosch verwerf en het in 1947 dosent in geografie geword. Vir die laaste bykans 14 jaar van sy loopbaan was hy dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, die eerste wat dié pos heetlyds beklee het.

Hy was ook lank lid van die Universiteitsraad en het in talle universiteitskomitees gedien.

As vakman het hy 'n reusebydrae gelewer tot die vestiging van geografie as universiteitsdissipline. Dit is byvoorbeeld aan sy inisiatief te danke dat stedelike geografie as 'n belangrike studierigting in Suid-Afrika gevestig is. In 1969 is hy met die Stalsprys bekroon — die eerste keer dat die SA Akademie hierdie prys aan 'n aardrykskundige toegeken het.

Prof. T. G. Schwär, wat sedert 1977 die pos van hoofstaatspatoloog en terselfderty professor in geregtelike geneeskunde beklee het. Hy is in Duitsland gebore, kom as baba saam met sy ouers Suid-Afrika toe, studeer voor-

# Bekendes span uit ná lang diens

Liggaamlike Opvoedkunde, tans bekend as Menslike Bewegingskunde. Hy het M.Sc. en D.Sc. aan die US behaal en het baanbrekerswerk op die gebied van die toegepaste fisiologie in die Departement Menslike Bewegingskunde gedoen.

Prof. Thiart het nie net die sportwetenskap met sy akademiese werk gedien nie, maar ook 'n waardevolle bydrae gelewer tot sportbeoefening deur die afrigtingswerk wat hy gedoen het en deur sy betrokkenheid by die bestuur en administrasie van sportklubs aan die Universiteit.

Prof. P. A. Foster is in Brittanje gebore, het in Grahamstad skoolgegaan en is aan die Universiteit van Kaapstad as dokter opgelei. Hy was 'n private praktisyn, was onder meer aan hospitale in Amerika, Brittanje en Swede verbond, en was besoekende professor in Amerika voordat hy in 1970 professor in anesthesiologie aan die US geword het.

wat noodsaklik is vir die doeltreffende funksionering van 'n groot departement soos sielkunde.

Afgesien van sy akademiese betrokkenheid het hy ook 'n intense belangstelling in die studente se buitemuse bedrywigheide getoon. By geleenthed was hy voorsitter van die Atletiekklub, waarvan hy ook 'n lewenslid is. In die vroeë jare sestig was hy die afrigter van die o.19-rugbyspan. Hy was ook ses jaar lank inwonende hoof van die manskoshuis Simonsberg.

Prof. J. L. de Villiers het M.A. in die klassieke tale en M.Th. op Stellenbosch behaal voordat hy in 1950 'n doktorsgraad aan die Vrije Universiteit van Amsterdam verwerf. voordat hy dosent in Nuwe Testamentiese vakke aan die Universiteit geword het, was hy tien jaar lank predikant van die NG Kerk, in die gemeentes Paarl en Bonnievale, asook dosent aan die Universiteit van Wes-Kaapland.

Sy navorsingswerk — wat in 'n hele aantal boekpublikasies en wetenskaplike artikels neerslag gevind het — lê hoofsaaklik op die terrein van die eksegese van die Nuwe Testament, en van die lig wat die kultuurhistoriese agtergrond van die Bybel op die verstaan van die Nuwe Testament kan werp.

## Sangfees

In 1946 was hy een van die drie dirigente wat by die Maties se eerste Sangfees opgetree het. Deur die jare het hy hom vir die bewondering van koor- en gemeentesang beywer.

Prof. M. Webb was dosent aan die universiteit van Natal, Fort Hare en Durban-Westville voordat hy in 1976 professor in soölogie op Stellenbosch geword het. Hy het B.Sc. aan die Universiteit van Natal en M.Sc. asook D.Sc. aan die US behaal. In 1963 was hy aan die Universiteit van Bergen, Noorweë, verbond.

Prof. Webb het 'n verslag oor kreef aan die Natalse kus opgestel. Hy is onder meer 'n lewenslid van die Marinebiologie Vereniging van die Verenigde Koninkryk, asook dié in Suid-Afrika.

Prof. D. Botha, wat as professor in interne geneeskunde afgetree het, het in 1980 'n doktorsgraad aan die US verwerf. Al sy vorige akademiese kwalifikasies het hy aan die Universiteit van Pretoria behaal, waar hy in 1946 een van die eerste graduandi in die geneeskunde aan 'n Afrikaanse universiteit was. Hy was hoof van die



Nie-akademiese personeellede van wie afskeid geneem is, is van links mnre. Maas, Esterhuyse, De Klerk en Fourie.

graads aan die Universiteit van Pretoria, behaal verskeie diplomas in geregtelike en openbare gesondheid, verwerf 'n doktorsgraad aan die Universiteit van Heidelberg in 1963 en word in 1970 tot "Fellow" van die Britse Kollege van Patoloë verkies.

Hy is verder lid van verskeie vakwetenskaplike verenigings in Suid-Afrika en in die buiteland. Sy handboek die ABC van Geregtelike Geneeskunde word landwyd gebruik. Hy het baanbrekerswerk verrig op die gebied dié belangrike vertakking van die geneeskunde.

Prof. B. F. Thiart was lank dosent in die Departement Fisiologie voordat hy oorgeskuiif het na die Departement

Sedertdien het prof. Foster as besoekende professor verbond aan inrigtings in Brittanje en Wes-Duitsland. Hy was voorsitter van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Anesthesioloë, en is 'n lid van die Wêreldfederasie van anesthesiologie-verenigings se uitvoerende komitee.

Prof. A. G. Botha het aan die Paarlse Opleidingskollege en die US gestudeer voordat hy in 1960 dosent in sielkunde aan die Universiteit geword het. Hy het hom deur die jare daarop toegelé om op die hoogte te bly van die nuutste ontwikkelinge in sy vakgebied, die ontwikkelingsielkunde. Deur die jare was hy ook grootliks verantwoordelik vir die hantering van die talle administratiewe pligte



Departement Farmakologie aan die UP voordat hy in 1976 aan die Tygerberg-hospitaal en die US aangestel is.

Die meeste van sy dertig navorsingspublikasies het oor die farmakologie gehandel. Hy het ook in lande soos Brittanje, Oostenryk en Wes-Duitsland wyd ervaring opgedoen in farmakologiese tegnieke. Hy het referate op internasionale kongresse in Basel, San Francisco en Shiraz, Iran, voorgevra.

Prof. W. A. Vosloo het as hoogleraar in vekkunde afgetree. Hy het al sy akademiese kwalifikasies op Stellenbosch verwerf. Deur die jare wat hy dosent aan die US was, het hy 'n groot bydrae tot die landbou- en veral veeteeltbedryf landwyd gelewer. Hy het veral in die vleiskunde en varkproduksie gespesialiseer, en het op dié terrein veral deur sy vernuftige vakkundige inset groot naam vir homself gemaak en daartoe bygedra dat die Departement Vekkunde aan die US wye erkenning geniet.

Vir sy uitstaande bydrae en buiten gewone diens tot sy vakgebied, die veeteeltbedryf in die algemeen, en veral vleiskunde en varkproduksie, het hy deur die jare talle eretoekenings ontvang.

**ANDER DOSENTE wat verlede jaar aan die Universiteit afgetree het, is:**

Mnr. E. H. T. Cluver van die Departement Musiek. Sy was sedert 1954 aan die Universiteit verbonden, en het as senior lektorise aan die Konservatorium afgetree.

Dr. M. W. P. Nienaber, senior spesialis in die Departement Geneeskunde Fisiologie en Biochemie. Hy het op Stellenbosch en in Brittanje gestudeer en was sedert 1955 aan die US verbonden.

Dr. J. G. V. Joubert, senior lektor in akkerbou en weiding. Hy het al sy akademiese kwalifikasies op Stellenbosch behaal en was sedert 1960 aan

By 'n afskeidsfunksie vir akademici wat verlede jaar afgetree het, was die twee vise-rektore, proff. H. W. Rossouw (tweede van links) en J. A. de Bruyn (derde van regs) saam met, VOOR: prof. T. G. Schwär, mev. S. F. de Vries, mnr. E. H. T. Cluver, proff. A. Nel en B. F. Thiart. AGTER: prof. A. G. Botha, mnr. B. Goedhart en H. B. van Zyl, prof. D. Botha, dr. S. P. Erasmus, prof. J. L. de Villiers, dr. J. G. V. Joubert, prof. W. A. Vosloo, mnr. C. G. Williams en M. W. P. Nienaber.

die Fakulteit Landbouwetenskappe verbond.

Dr. S. P. Erasmus, senior lektor in hortologie. Hy het M.Sc. in die landbouwetenskappe aan die US en Dr. Agric. in Wageningen, Nederland, behaal en was vanaf 1966 aan die Universiteit verbond.

Mnr. H. B. van Zyl, senior lektor in meganiese ingenieurswese, wat sedert Augustus 1971 aan die US verbond was. Hy is 'n Oud-Matie.

Dr. B. J. Dehaeck, lektor in die Departement Drama. Hy het aan die universiteit van Leuven en Gent gestudeer en was sedert 1965 aan die Universiteit verbond.

Dr. C. G. Williams, lektor/spesialis in mens- en dierfisiologie. Hy het aan die universiteite van Suid-Afrika, Potchefstroom en die Witwatersrand gestudeer en is in April 1970 aan die US aangestel.

Mnr. B. Goedhart, lektor in fisioterapie, wat sedert 1973 by die US gewerk het. Hy is in Groningen, Amsterdam en Pretoria opgelei.

Mev. S. F. de Vries, wat sedert 1984 dosent in Latyn aan die Universiteit was. Sy is 'n Oud-Matie.

**NIE-AKADEMIESE personeelde wat ná lang dienstryperke afgetree het, is:**

Mnr. A. J. Esterhuyse, adjunk-direkteur, Departement Ontwikkeling en Skakeling. As Oud-Matie het hy ook M.A. aan die Universiteit van Pretoria behaal. Hy was sekretaris van die Fakulteit Tandheelkunde en die hospitaal vir mond- en tandheelkunde, Universiteit van Pretoria, van 1948 tot

1961, waarna hy 26 jaar aan die US verbond was.

Deur die jare het hy vir fondsinsameling en skakeling met oud-studente feitlik elke plek in die land besoek, en daarvoor gesorg dat duisende Oud-Maties reünies op Stellenbosch bygewoon het. In 1982 was hy in Amerika om skakeling en fondsinsameling aan verskeie universiteite te bestudeer. Hy was lank 'n bestuurslid van die Simon van der Stel-burgerraad en het vir nege jaar die rol van dié goewerneur op die Eikestad se jaarlikse Van der Stel-fees vertolk.

Mnr. G. J. P. Maas, adjunk-direkteur, Finansies en Dienste, het ook ná 26 jaar aan die US afgetree. Hy was verbond aan Universiteits-Uitgewers op Stellenbosch voordat hy aan die US aangestel is. Mnr. Maas was lank rekenmeester en hoofrekenmeester voordat hy tot adjunk-direkteur bevorder is.


Mnr. N. C. de Klerk het as senior ontwikkelingsbeampte by die Universiteit afgetree. Hy is 'n Oud-Matie en het ook B.Juris. aan die Universiteit van Suid-Afrika verwerf. Mnr. De Klerk was 20 jaar aan die Universiteit verbond. Voorheen was hy onder meer verbond aan die destydse Departement van Inligting, en was hoof van die departement se streekkantoor in Umtata.

Die universiteit het ook einde verlede jaar afskeid geneem van mnr. A. J. Fourie, wat as voormanskrywerker in die Instandhoudings-afdeling afgetree het. Hy was 18 jaar aan die US verbond.

# Hoe Victoriastraat sy mooi boomlaning gekry het

Deur GUS CLUVER

Die Laan van Stellenbosch word tereg aanvaar as een van die geskiedkundigste en bekendste lane van sy soort in Suid-Afrika. Aangeplant meer as 200 jaar gelede, was



Prof. J. T. Morrison, op wie se inisiatief die plataanlaning in die dertigerjare in Victoriastraat aangeplant is. Hy was lank dosent in die natuurwetenskappe aan die Victoria-kollege en latere Universiteit.

dit egter eers in 1950 dat die eikebome in die Laan saam met dié in Dorpstraat tot Nasionale Gedenkwaardigheid geproklameer is.

In liedere en literêre werke besing, is dit ook die enigste laan in die land waaroor 'n boek (Annie Hofmeyr) geskryf is. In die harte van alle Stellenbossers en trouens almal wat onder sy betowering gekom het, geniet hierdie laan 'n besondere en onvervangbare plek.

Maar nou, in dieselfde Eikestad, is 'n tweede laan in wording. Dit is wel nie 'n eikeboomlaan nie, maar in die jare wat voorlê gaan dit in die geskiedenis, veral dié van ons universiteit, 'n spesiale plek opeis. Ek verwys na die pragtige laan van plataanbome wat Victoriastraat versier.

Op inisiatief van die bekende prof. J. T. Morrison, wat die grootste deel van sy lewe in Victoriastraat gewoon het, het die munisipaliteit dié bome in 1934 laat plant.

Vandag, 54 jaar later, staan nie minder nie as 103 plataanbome in die straat. Prof. D. G. M. Donald, hoogleraar in Boskultuur aan ons universiteit, wat die bome laat tel en meet het,

sê die gemiddelde hoogte is 13 m, terwyl hulle op 'n hoogte van 1,3 m gemiddeld 426 mm in deursnee is.

Hierdie boom, *Platanus acerifolia*, is algemeen bekend as die Londense Plataan. Dis eintlik 'n hibride bestaande uit 'n kruising van die *Platanus orientalis*, inheems in die Midde-Ooste en Indië en die *Platanus occidentalis*, wat oorspronklik in Noord-Amerika voorgekom het.

Prof. Morrison het in Skotland en Engeland met hierdie besondere boom kennis gemaak en het goeie rede gehad om dit by die stadsraad aan te beveel.

Dit is uiter geskik om as 'n straatboom gebruik te word, omdat dit getop kan word sonder nadelige gevolge; dit is bestand teen die meeste siektes waaraan ander soorte plataanbome onderhewig is, en ook teen die gevolge van lugbesoedeling; in die somer ruim skaduwee om homwerp en in die winter, wanneer die bas afskilfer, 'n binnebas vertoon met kleurskakerings van ligte groen, grys en wit.

Gebeur dit ooit dat hierdie bome afgekap moet word, sal blyk dat hulle waardevolle hardehout, met 'n fyn, reguit draad, lewer — feitlik 'n nadoodse bate.


Voor die aanplanting van die plataanbome het bloekombome in Victoriastraat gestaan. Prof. G. van W. Kruger van die Departement Grieks aan ons universiteit, skryf verlede jaar in Eikestadnuus dat die bloekomreus by Wilgenhof 'n oorblyfsel is van die aanplanting in 1860 van dié soort bome in daardie deel van die dorp.

## Bloekombome


Dit is onduidelik of die ander bloekombome in Victoriastraat ook destyds geplant is, maar dié op Markplein (op die suidwestelike hoek van Birdstraat en Merrimanlaan) is seker van dieselfde aanplanting.

As leerling aan die Hoër Jongenskool (die huidige Paul Roos-gimnasium) het ek elke dag onder Victoriastraat se groot bloekombome klas toe geloop — dié ou skoolgebou huisves vandag die Universiteit se Departement Beeldende Kunste.

Toevallig het ek as 't ware dokumentêre bewys dat die bloekombome in 1929 afgekap is. In ons skool se jaarblad wat aan die einde van daardie jaar verskyn het, betreur ek die afkap-



Bo: Leerlinge van die Hoër Jongenskool (die huidige tydse skoolgebou in Victoriastraat. Van die bloekombome straat gevorm het, kan duidelik gesien word. Die skoolvorm (veral die dakgedeelte is aansienlik verander) gebou. Dit is nie seker wanneer dié ou poskaartfoto straat vandag. Die pragtige plataanbome vorm eintlik straat en van die sypaadjie aan die noordekant daarvan.



**'n Professor se versiendheid, byna 60 jaar gelede, het daarvoor gesorg dat Stellenbosch vandag met nog 'n pragtige laan spog.**

meer as ooit. Selfs 50 of 60 jaar gelede het die meeste mense wat daar gewoon het 'n regstreekse verbintenis met die Universiteit gehad (woonhuise was altyd net aan die suidekant van die straat).

Mev. Bunny Spottiswoode, dogter van prof. Morrison, het my gehelp om 'n lys van mense wat in daardie jare in Victoriastraat gewoon het, op te stel:

Begin 'n mens aan die hoek van Cluverweg, dan was dit: mnr. A. H. Cluver (toevallig my oom), mnr. L. P. van der Spuy (mev. Van der Spuy het 24 kinders gehad en een van haar kleinseuns, mnr. J. P. van der Spuy, was later 'n kabinettslid). Daarna was dit mnr. Eric Stockenström (lelies gemodelleer in sy huis se gewels), wat lektor in Opvoedkunde was, en mnr. Paul Sauer (van 1929 L.V.).

Dan: prof. Archibald Macdonald,

## ellenbosch.

ie huidige Paul Roos-gimnasium) voor hulle des-bloekombome wat destyds 'n laning in Victoria-  
I. Die skoolgebou is nou, in 'n heelwat veranderde verander) die Universiteit se Beeldende Kunste-skaatfoto geneem is nie. Onder: So lyk Victoria-  
orm eintlik 'n dubbele laning, weerskante van die  
cant daarvan.

Mnr. Gus Cluver, skrywer van dié artikel, is 'n Pretoriase Oud-Matié wat in die dertigerjare aan die Universiteit gestudeer het en onder ander Intervarsity-dirigent was. Hy het as lid van een van die Eikestad se bekende ou families op dié dorp grootgeword.

As 'n doyen van die Afrikaanse koerantjoernalistiek het hy teen die einde van verlede jaar ná presies 50 jaar in dié beroep afgetree. Hy was 42 jaar aan Die Transvaler verbonde, en voorheen aan Die Burger en Die Vaderland.

van die bome in 'n gediggie. Hier is enkele reëls:

"They stood as some proud sentinels/  
Through many a winter night/They  
fringed the scholars' way to school/In  
all their rigid might." Ook: "The  
haughty heads that once looked  
up/To sun and moon and stars/Are  
marred with dirt and dust and mud/  
Lie dead with telling scars."


In haar boek Stellenbosch 1920-1950, skryf Margaret Hoskyn dat toe mev. Van Braam, vrou van prof. Piet van Braam, hoor dat die stadsraad die bloekombome wil laat afkap, sy met 'n protespetisie van huis tot huis ge-loop het.


Sy het vóór en ek ná die daad getreur, maar dit was heeltemal onnodig, want die plataanlaan is baie mooier en van veel groter nut vir die gemeenskap as wat die bloekoms ooit kon gewees het.

Victoriastraat was maar altyd in groot mate 'n universiteitsweg, vandag

dosent in Klassieke Tale; Macdonald-straat; prof. C. S. Edgar, Grieks; prof. B. St. J. van der Riet, Chemie; prof. P. van Braam, Klassieke Tale; Bosman-straat; dr. C. W. Mally, insektekundige; mnr. Van Niekerk (hier was 'n steeg); prof. D. F. du Toit, Chemie; mnr. J. D. Krige ("Japie Home" — hy het eers op die hoek van Neethlingstraat, waar Denneoord later gebou is en die Konservatorium vir Musiek nou staan, en later langsaan in "Akkedis-bult" gewoon).

Anderkant Neethlingstraat: prof. Morrison, mnr. Barry, nog 'n steeg, tennisbane en Wilgenhof, Van Ryneveld-straat, die Studentekerk, Crozierhuis, en dan skakelhuise tot by Andringa-straat. Waar Barry se huis was, het mnr. H. P. Dekker, destyds assistent-registrateur van ons universiteit, 'n woonstelgebou laat oprig, bekend as Soete Inval, waar prof. C. G. S. de Villiers, die nimlike dr. Con, jare lank een van die inwoners was. □





Prof. Ottermann

ONDER DIE senior dosente wat onlangs hoër poste by die Universiteit gekry het, is prof. R. E. Ottermann, professor in musiekwetenskap, wat as voorsitter van die Departement Musiek en direkteur van die Konservatorium aangestel is. Hy volg prof. R. H. Behrens op, wat as kultuurattaché in Oostenryk en Switserland aangestel is.

Prof. Ottermann is 'n boorling van Rustenburg. Nadat hy BA in 1957 op Stellenbosch behaal, verwerf hy ook B.Mus. in 1960, M.Mus. (1963) en 'n doktorsgraad in 1971.

Gedurende 1957-1960 het hy ook vier lisensiate in die musiek verwerf, nl. LTCL in klavier van die Trinity-kollege in Londen, asook van Unisa die UOLM in klavier, UOLM in harmonie en kontrapunt en UVLM in orrel.

Prof. Ottermann het ook twee keer in die buitenland gestudeer: in 1960-1961 in Frankfurt en gedurende 1968-1969 in Wes-Berlyn. Hy is sedert 1961 aan die US-konservatorium verbond. Voordat hy tien jaar gelede professor geword het, was hy onder meer dosent in orrel en later in die teoretiese vakke.

Prof. E. M. Nel, voorheen medeprofessor in sielkunde aan die Universiteit, het onlangs professor geword. Sy het in 1980 medeprofessor geword en is sedert 1961 aan die US verbond.


Prof. Nel het al haar akademiese kwalifikasies op Stellenbosch verwerf. In 1967 het sy 'n doktorsgraad behaal, nadat sy 'n honneurs- en M.graad albei met lof behaal het.

Die Stals-prys vir sielkunde is voorheen aan haar toegeken. Sy het verskeie studiebesoeke aan buitenlandse universiteite gebring.

Dr. P. Coertzen is van senior lektor tot professor in teologie bevorder. Hy het op Potchefstroom en Stellenbosch gestudeer, en het in 1976 'n doktorsgraad aan die US verwerf. Al sy ander akademiese kwalifikasies het hy met lof behaal. Dit sluit twee meestersgrade in.



Prof. Nel




Prof. Coertzen

## Bevorder en aangestel



Prof. Endres



Prof. Sinclair

Voordat hy in 1977 aan die US aangestel is, was hy NG Predikant op Dundee en studenteleraar op Potchefstroom. Hy is 'n lid van die regskommisie van dié kerk se Algemene Sinode. In 1969 en 1982 het hy beurse vir navorsing in die buitenland ontvang. Hy is die skrywer van ses en medeskrywer van 12 boeke.

Dr. W. Endres is vanaf Maart aan die Universiteit aangestel as professor en hoof van die Afdeling Meganiese Ontwerp in die Departement Meganiese Ingenieurswese. Hy het sowat 30 jaar ervaring in meganiese ontwerp. Sedert 1955 het hy vir Brown Bovari in Switserland gewerk, en was die projekbestuurder vir samewerking tussen dié onderneming en Rolls Royce op die gebied van industriële gasturbines.

Prof. Endres het 'n doktorsgraad in die meganiese ingenieurswese in Wes-Duitsland behaal en het met 'n Fullbright-beurs aan die Northwestern-universiteit in die VSA gestudeer.

Ander onlangse aanstellings en bevorderings van akademiese personeel aan die Universiteit is:

Dr. M. Sinclair, voorheen senior lektor in toegepaste wiskunde, het medeprofessor in bedryfsingenieurswese geword. Prof. Sinclair het B.Sc., honneurs en M.Sc. alles met lof en in 1978 'n doktorsgraad aan die US behaal.

In 1974 is hy in die Departement Toegaste Wiskunde aangestel. Die Universiteit se Kanseliersmedalje is aan hom toegeken.

Dr. W. F. Sirgel, lektor in soölogie, mnr. C. Boucher en dr. J. E. Watts (botanie), mej. M. W. Visser (Afrikatale) en dr. A. E. Carl (didaktiek) is almal lektore aan die Universiteit wat onlangs senior lektore geword het.

Nog twee aanstellings in die Departement Meganiese Ingenieurswese is dié van dr. P. Strachan, senior ingenieur in die U.S. se Buro vir Meganiese Ingenieurswese, wat as senior lektor in die departement se Afdeling Vloeimechanika aangestel is, asook mnr. R. Dobson, voorheen van Kentron in Pretoria, wat lektor in die Afdeling Termodinamika geword het.

Nog nuwe aanstellings as senior lektor is dr. J. Remar (meganiese ingenieurswese: termodinamika), B. de Wet (maatskaplike werk) en H. J. Viljoen (Chemiese ingenieurswese) asook mnre. W. Fox (Publieke administrasie) en W. K. Winckler (algemene taalwetenskap). Dr. M. Bariska is as senior spesialis/wetenskaplike in die Departement Houtkunde aangestel.

Mnr. J. H. van Wyk is as lektor in soölogie aangestel. Mej. W. H. Theron (sielkunde) en mnre. P. Olivier en F. Swanepoel (rekeningkunde) is van junior lektor tot lektor bevorder.

## Informasietegnologie


Twee senior personeellede van die Afdeling Informasietegnologie is albei sedert die begin van Januarie bevorder: Mnr. J. J. J. du Plessis het Adjunk-direkteur: Administratiewe Rekenaarstelsels geword en mnr. M. W. Dreijer is tot Assistent Directeur: Mikrorekenaarstelsels bevorder.

Mnr. Du Plessis het die grade B.Sc. (Potchefstroomse Universiteit) asook Honneurs-B.Sc. (Universiteit van Kaapstad) behaal. Hy het onlangs die Gevorderde Bestuursontwikkelingsprogram van die Instituut vir Toegepaste Bestuurswetenskappe aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi.


Die afgelope aantal jare was mnr. Du Plessis hoof van die US se Afdeling Administratiewe Rekenaarstelsels (voorheen Dataverwerking). Hy is o.m. vir die ontwikkeling, uitbrei en instandhou van die Universiteit se administratiewe rekenaarstelsels verantwoordelik.

Mnr. Dreijer was sedert 1986 hoof van Mikrorekenaars en Netwerke in die Afdeling Informasietegnologie. Hy het 'n honneursgraad in elektroniese ingenieurwese en 'n MBA-graad aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Voorheen was hy by die SA Vervoerdienste werksaam.

Mnr. Dreijer is hoofsaaklik verantwoordelik vir al die Universiteit se sentrale mikrorekenaargedrewe stelsels, insluitende die kampuswe rekenaar netwerke, en meer as 800 mikrorekenaars wat reeds by die Universiteit in gebruik is. □



Mnr. Du Plessis



Mnr. Dreijer



## Joodse geskiedskrywing

Mnr. en mev. Solly van Kaapstad het onlangs albei die bande van Das Gedenkbuch, 'n werk wat van groot belang vir die Joodse geskiedskrywing is, aan prof. Mike de Vries, Rektor en Vise-kanselier, oorhandig. Dié skenking is vir die J. S. Gericke-biblioteek. Hier kyk prof. De Vries en mev. Yach (voor) saam met mnr. Yach en prof. Hennie Viljoen, direkteur: biblioteekdienste, na die twee bande.

Das Gedenkbuch bevat die name van Duitse Jode wat in die konsentrasiekamp van die Tweede Wêreldoorlog dood is. Die Bundesarchiv, Wes-Duitsland se staatsargief, gee die werk uit.


Mnr. Yach dien in die SA Jewish Board of Deputies. □

# Behrens word hoë SA kultuurgesant in Europa

NÁ 40 JAAR as dosent aan die Konservatorium het prof. Richard Behrens Stellenbosch verlaat om teen die middel van Mei sy nuwe pos as Suid-Afrikaanse kultuurattaché in Oostenryk en Switserland te aanvaar. Hy was sedert 1961 direkteur van die Konservatorium.

Prof. Behrens sal aan die ambassade in Wenen verbonde wees, maar sal ook dikwels ander groot stede soos Salzburg, Bern, Zürich en Genève besoek.

Hy is vol geesdrif vir sy nuwe taak. Dit behels nie net die bevordering van die Suid-Afrikaanse kultuur en kuns in dié twee Europese lande nie, maar ook om by te dra tot die verryking van Suid-Afrika se kultuurlewe deur dié van Europa.



Prof. Behrens voor die Konservatoriumgebou kort voor sy vertrek na Europa.

Kuns en kultuur is terreine waarop daar met sukses brûe met die buiteland gebou kan word, sê prof. Behrens. Hy glo Suid-Afrika het in dié oproep iets wat met vrymoedigheid in die buiteland bekendgestel kan word.

"Ons moet ook nie uit die oog verloor dat ons 'n multi-kulturele land is nie, wat met sy veelvoud van kulture 'n rykdom het wat ander lande ons kan beny." Dit is uiterst belangrik dat Suid-Afrikaners wat in die buiteland optree, help om 'n multi-kulturele beeld van die land oor te dra.

Hy sê hy het in die vier dekades aan die Konservatorium oor en oor ervar hoe stimulerend direkte kontak met buitelandse kunstenaars en instansies vir die musieklewe hier is. Dit is vir hom 'n besonderse vooruitsig om heeltyds direk betrokke te wees by die uitbou van sulke kontakte.

Met die besoek aan Europa in 1985 het prof. Behrens, onbewus van die taak wat nou vir hom voorlê, reeds belangrike verbintenisse met kultuurleiers in Oostenryk opgebou. Hy is toe onder meer in die stad Salzburg gulhartig ontvang deur die Landeshauptmann (administrateur) van die provinsie Salzburg, asook die rektor van die Mozarteum (dié stad se wêreldberoemde musiekskool) en die Salzburgse Feesspele.

Hy was nou betrokke by die totstandkoming van die Universiteit se moderne Konservatoriumgebou, wat vroeg in 1978, presies tien jaar voor prof. Behrens se aftrede, feestelik ingewy is. Vroeër het hy 30 konservatoriums in Brittanje, Nederland, België en Wes-Duitsland besoek met die oog op die ontwerp van die nuwe gebou.

Om vir 'n paar jaar in Wenen te kan gaan woon, is vir prof. Behrens "soos 'n wonderlike droom". Hy en sy vrou, Irma, behou hulle huis op Stellenbosch en wil uiteindelik daar aftree. □

## Prys vir beste beurshouer

Mej. Magda Stander (links) ontvang van Oud-Matrie mnr. Ivan Lätti, Fedfood se hoofbestuurder: Mannekrag, die prys vir die beste akademiese presteerder landwyd onder dié firma se beurshouers. By hulle is prof. Beskie Visser, hoof van die Departement Huishoudkunde.

Mej. Stander, 'n tweedejaarstudent in huishoudkunde, het die prys verower met 'n gemiddelde prestasie van 83% verlede jaar. Sy is 'n oud-leerling van die Hoëskool Outeniqua op George, waar haar pa aan Table Top, 'n filiaal van Fedfood verbonde is. Fedfood het 25 beurshouers wat in verskillende studierigtings aan universiteite oral in Suid-Afrika studeer.



**O**ns leef in die era waarin die rekenaartegnologie op verskeie maniere ingespan word en sy invloed op baie terreine in ons samelwing laat geld. Die Universiteit van Stellenbosch het kennis geneem van die invloed wat dié tegnologie ook op 'n universiteit se werksaamhede het.

Goeie bestuur en koördinasie is nodig om te verseker dat die moontlike benut word wat die tegnologie vir opleiding, navorsing en administrasie bied.

Die afdeling Informasietegnologie (IT) is vir dié doel aan die begin van 1986 ingestel met die aanstelling van 'n direkteur: Informasietegnologie, prof. Kobus Meij. Onder sy leiding is daar tans drie afdelings met 65 personeellede.

Die afdelings binne IT is die Rekensentrum; Administratiewe Rekenaarstelsels; en Mikrostelsels, opleiding en inligting. Die afdeling Informasietegnologie vervul 'n belangrike koördinerende, raadgewende en diensteweringsrol binne die Universiteit.

Die Rekensentrum, onder leiding van sy direkteur, mnr. Nic Lubbe, is verantwoordelik vir die verskaffing van sentrale hoofraamrekenaardienste aan alle akademiese en administratiewe gebruikers. Drie rekenaarargitekture, nl. SPERRY, VAX en PRIME word in die Rekensentrum gehuisves.

## 24 uur

Hierdie rekenaars is 24 uur per dag toeganklik d.m.v. direkte gekoppelde terminale of mikrorekenaars, of deur die Universiteit se uitgebreide netwerkstelsels.

Die afdeling Administratiewe Rekenaarstelsels, met 'n adjunk-direkteur, mnr. Johan du Plessis, aan die hoof, is verantwoordelik vir die ontwikkeling en instandhouding van al die Universiteit se administratiewe rekenaarstelsels.

Informasietegnologie is nou besig met 'n omvangryke ondersoek na die administratiewe rekenaarstelsels van die Universiteit. Dié ondersoek, wat tot die implementering van 'n geïntegreerde informasieplan vir die Universiteit sal lei, hou verrekende implikasies in.

Die doelwit is om geïntegreerde intydse rekenaarstelsels te ontwikkel wat voldoen aan die eise wat die bestuur van 'n moderne Universiteit stel.

Die afdeling Mikrostelsels, opleiding en inligting het 'n jaar gelede tot stand gekom. Die hoofdoelwit van hierdie afdeling is om die Universiteit se snelgroeiende mikrorekenaar- en netwerkstelsels te bedryf en uit te bou en om gebruikerondersteuning asook die rekenaaropleiding van die Universiteitspersoneel te koördineer.


Verder doen die afdeling ook omgewingsverkenning op die gebied van mikrorekenaarstelsels wat tot die evaluasie van nuwe apparatuur en programmatuur lei.

Die Universiteit bedryf reeds verskeie rekenaargebruikersareas (RGA's) op strategiese plekke. Mikrostelsels is

met 'n foto en ander persoonlike inligting van die gebruiker daarop in werking te stel, is reeds geneem.

Lasertegnologie word gebruik om hierdie kaartjies te vervaardig en sal teen die einde van die eerste semester beskikbaar wees en die ouer identifikasiekarte vervang.

# IT help US tred hou met veranderinge



Prof. Meij

verantwoordelik vir die koördinering van hierdie RGA's op die kampus.

Daarby lewer dié afdeling verskeie ander dienste aan personeellede van die Universiteit, byvoorbeeld die bedryf van die datakommunikasienetwerke, die mikrorekenaar-, programmatuibibliotek en hulpverlening by die samestelling van departemente begrotings. Prof. Francois Viviers is as adjunk-direkteur vir Mikrostelsels verantwoordelik.

Die afdeling Informasietegnologie is verder ook betrokke by die ondersoek en implementering van 'n verskeidenheid tegnologiese ontwikkelinge vir die Universiteit. So ondersoek IT nou die gebruik van magneetstrooktipe identifikasiekartjies vir die toegangsadministrasie tot universiteitsfasiliteite.

Die ondersoek sluit toegang tot rekenaargebruikersareas, geboue, sportgeriewe, wasmasjiene, en ander areas in. 'n Besluit om identifikasiekarte

'n Verdere voorbeeld is die ontwikkeling van optiesmerkleserstelsels vir die Universiteit. IT was ten volle verantwoordelik vir die samestelling van hierdie stelsels met behulp waarvan veelkeusige vraestelle en vraaglyste nagesien en geëvalueer kan word.

Die ontwikkeling van die bedryfsprogrammatuur vir hierdie stelsels, waarvan 'n aantal reeds op die kampus beskikbaar is, is deur IT gedoen.

'n Baie groot projek waarin IT 'n besonder belangrike rol speel, is die rekenarisering van die biblioteek. Hierdie projek word in samewerking met die bestuur van die bibliotekdienste van die Universiteit onderneem.

Daar word gebruik gemaak van die LIS-bibliografiese rekenaarpakket wat bedryf word op 'n PRIME 6350 super-mini-rekenaar met 'n verwerkingsspoed van 11,8 miljoen instruksies per sekonde (MIPS).

Die hele biblioteekvoorraad (boeke en tydskrifte) word nou op die databasis vasgelê. Na verwagting sal biblioteekgebruikers binnekort soektogte op die databasis kan begin.

## Soektogte

Die moontlikheid van literatuursoektogte op ons eie biblioteekmateriaal en die bespreking van materiaal sonder dat die gebruiker noodwendig die biblioteek daarvoor hoef te besoek, sal dan moontlik wees.

Vir intydse stelsels is 'n stabiele, goed funksioneerende, elektroniese rekenaarstelsel natuurlik noodsaklik. Dit is nog 'n uitdagende veld waarin IT 'n besondere bydrae lewer! Ons is besig met die bedryf en uitbou van die NETLAN-kampusnetwerk sowel as 'n aantal NOVELL lokale area netwerke.

Verder ondersoek IT, in samewerking met SED (die Sentrum vir Elektroniese Dienste), ook die datakommuni-



DIT GEBEUR dikwels dat mense wat reeds voltyds in 'n taalprofession werk, 'n behoefte aan verdere opleidingervaar. Hoe gemaak om sonder onderbreking van jou loopbaan 'n waardevolle M.kwalifikasie te bekom? Die Departement Algemene Taalwetenskap het 'n opwindende oplossing vir dié probleem gevind.

Sedert 1986 bied dié departement 'n tweejarige M.A.-kursus spesiaal vir mense in professies waarin taal sentraal staan. In 'n tyd dat bestaande kennis vinnig verouderd raak en nuwe kennis daagliks bykom, kan die taalpraktisyen deur hierdie kursus vertroud raak met die jongste wetenskaplike insigte in taal.

'n Groeiende getal professionele taalmense vanoor die lengte en breedte van Suidelike Afrika maak van die kursus gebruik om die gevolge van finansiële inflasie en kwalifikasie devaluasie hok te slaan.

Op die oomblik is daar bykans 70 studente vir hierdie heel unieke kursus ingeskryf. Die meer as 200 brieue en oproepe wat deur die loop van die afgelope anderhalfjaar gehanteer is, sluit selfs navrae uit Alaska en Japan in!

Een persoon het vertel dat sy van die kursus gehoor het via 'n familielid in Londen. Van die byna 100 taalmense wat in 1988 met die kursus wou begin, kon die departement, ter wille van 'n hoog gehalte van onderrig, slegs 35 akommodeer.

## Informasietegnologie

Kasiemoontlikhede van die Universiteit se nuwe digitale elektroniese telefoonsentrale.

'n Onderneming wat nie tred hou met die snelle veranderinge wat op die gebied van die informasietegnologie voorkom nie, sal gou nie meer doeltreffend kan funksioneer nie.

Die afdeling Informasietegnologie het ten doel om met sy aktiwiteite te verseker dat die Universiteit van Stellenbosch nie net sal bybly by hierdie ontwikkelinge nie, maar dat IT inderdaad 'n leidende rol sal speel in die implementering en eksperimentering met nuwe tegnologieë.

In dié oopsgif bly ons steeds getrou aan ons opdrag as 'n universiteit om opleiding te verskaf, navorsing te doen en gemeenskapsdiens te lewer.

□

## Vakansieverblyf op die kampus

MENSE WAT aan die einde van die jaar vakansieverblyfplek by die Universiteit wil huur, moet opskud as hulle nog nie plek bespreek het nie. Die vakansie-akkommodasie op die kampus is so gewild dat baie van die plekke reeds bespreek is. Dit sal van 6 Desember tot 15 Januarie beskikbaar wees.

Die grootte van die verblyfplekke wissel van 'n sesslaapkamer-huis tot 'n eenvertrek-woonstel, en die

# Belangstelling van Alaska tot Japan 'n Besonderse M.A. vir taalmense

Die huidige M.A.-studente verteenwoordig 'n verskeidenheid van taalprofessies: daar is onderwysers en dosente, nie net van Engels en Afrikaans nie, maar ook van tale soos Duits en Tsonga; daar is vertalers, taalversorgers, leksikografe en spraakheeldiges; daar is mense uit die regsfamilie en die kommunikasiewese.

Die onderskeie subgebiede van die Taalwetenskap waarin die studente spesialiseer, weerspieël hierdie beroepsverskeidenheid op 'n baie interessante manier. So is een van die studente 'n spraakterapeut wat tot onlangs taalonderwys aan gehoorstremde kinders gegee het, en wat nou die probleme sowel as die akademiese en didaktiese uitdagings van sulke onderwys vanuit 'n taalkundige perspektief wil analiseer.

'n Ander student is 'n onderwyser wat die verband tussen 'n persoon se vermoë om taal kommunikatief te gebruik en sy prestasie in taaltoetse, ondersoek. Nog 'n student, 'n lektrise in Engels, bestudeer die taalvariasie wat by nie-moedertaalsprekers van Engels voorkom.

Enigiemand wat al by geleenthed 'n bietjie verwonderd gestaan het oor die aard, struktuur en funksies van taal en taalgebruik en wat op die hoogte wil bly van die nuutste wetenskaplike insigte rakende sy spesifieke beroepsrigting of belangstellingsveld, sal by hierdie M.A.-kursus baat vind.

Die minimum kwalifikasie wat vir toelating tot die kursus vereis word, is 'n B.-graad met 'n taal as hoofvak of 'n B.-graad in Spraakheilkunde.

Soos dit met enige nuwe kursus gebeur, is daar sedert die instelling van hierdie M.A.-kursus aan die vorm en inhoud daarvan gebuig en geskaaf. Die meeste wysiginge is aangebring om die spesifieke probleme en behoeftes van mense wat naas hulle studie ook nog beroepsverpligtinge het, tegemoet te kom.

Die kursus is opgebou uit drie kom-

ponente. Die eerste twee komponente behels die studie van voorgeskrewe taalwetenskaplike literatuur en word in die eerste studiejaar afgehandel. Die aanvangskomponent is vir alle studente dieselfde.

In die tweede komponent, d.i. die middelkomponent, begin die studente reeds spesialiseer; die voorgeskrewe literatuur sluit aan by elke student se spesifieke belangstelling in die taalwetenskap. Elkeen van hierdie twee komponente word met 'n eksamen afgerond.

By die derde komponent, wat in die tweede studiejaar afgehandel word, het die student 'n keuse tussen twee moontlikhede. Daar is 'n tesisopsie en 'n eksamenopsie. Die tesisopsie behels die skryf van 'n tesis van beperkte omvang oor 'n probleem uit die student se beroeps- of belangstellingsveld.

Die eksamenopsie behels gevorderde literatuurstudie en aansluitende werkopdragte, die skryf van 'n kort werkstuk en eksaminering in Junie en November.

Geen formele lesings word aangebied nie, dus hoef studente nie op of naby Stellenbosch te woon nie. Trouens, die meerderheid van die huidige studente is in Transvaal en Natal woonagtig en hulle getuig dat skriftelike en telefoniese skakeling met die dosente geensins belemmerend inwerk nie. Student-dosent-verhoudinge is, om die waarheid te sê, besonder goed.

Studente kom wel vir die aflê van eksamens na Stellenbosch en dit blyk dat dié twee of drie dae aan die einde van elke semester vir menigeen 'n aangename geleenthed is om die dorp en Universiteit te besoek en om dosente persoonlik te ontmoet.

Die dosente van die departement is goed toegerus om op hierdie gevorderde vlak deeglike studieleiding te gee. Waar nodig win hulle ook advies van spesialiste buite die departement in. Akademici van hierdie of ander universiteite, en beroepsleute wat hulself op hulle spesifieke werkterrein onderskei het, word van tyd tot tyd betrek.

Binne 'n wêreld wat steeds hoër akademiese en professionele eise aan mense stel, verseker hierdie werkwyse dat studente na voltooiing van die kursus met meer selfvertroue as tevore hulle onderskeie beroep kan beoefen.

Enigiemand wat meer besonderhede oor die kursus verlang, kan skryf aan die Departement Algemene Taalwetenskap, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch 7600, of telefoonnummers 02231-774546/7. □

**D**ie Departement Geologie het onlangs 'n nuwe X-straal-fluoresensi-analiseerder in gebruik geneem. Vir die aardwetenskaplike is dit die belangrikste analitiese instrument tot sy beskikking. Behalwe vir die Departement Geologie, gebruik ander US-departemente ook dié duur apparaat.

Dit is 'n Philips 1404-instrument wat heeltemal outomatis is, en waarvan al die funksies met behulp van drie mikrorekenaars beheer word.

X-straal fluorensensie word gebruik om chemiese analises van feitlik enige vaste stof, soos rotse, gronde, ertse, metale, legerings, sement, mistowwe, ens., te maak. Hoof-sowel as spoorelemente kan tot 'n konsentrasievlek van so laag as vyf dele per miljoen bepaal word.

Dit stel wetenskaplikes in staat om navorsing oor die ontstaan van rotse en ertse te doen, asook om verborge ertsliggame te ontdek deur middel van baie klein hoeveelhede van elemente daarvan in byvoorbeeld gronde of die sedimente van riviere.

## Golflengte

Die beginsels waarvan dit werk, is dat hoë energie-X-strale gerig word op 'n monster, wat gewoonlik 'n vaste stof is. Die atome van die monster reageer hierop en sekondêre (fluoresserende) X-strale word opgewek. Die golflengte daarvan is kenmerkend van die elemente wat dit uitstraal, en die intensiteit van 'n spesifieke golflengte is direk proporsioneel aan die hoeveelheid van die element wat in die monster aanwesig is.

Die 84 elemente swaarder as fluoor kan met dié instrument geanalyser word. Die agt wat liger is, se sekon-

# Geologie kry duur, nuwe analyseerder



Die Rektor en Vise-kanselier, prof. Mike de Vries (naasregs), kyk saam met proff. Ingo Hälbich en Wilhelm Verwoerd en dr. Dave Cornell, al drie dosente in die Departement Geologie, na die nuwe X-straal-fluorensensi-analiseerder.

dere X-strale het nie genoeg energie om die detektor te bereik nie.

Vir die afgelope meer as twintig jaar het die Departement Geologie reeds ervaring opgedoen oor die toepassing van X-straal-apparatuur op rots- en mineraalmonsters.

Die onlangse uitbreiding van sy fasilitete en die outomatisering van XSF-spektrometrie het dit vir die departement moontlik gemaak om sy geriewe ook vir dosente en navorsers elders aan die US beskikbaar te stel.

## Sielkundiges begelei plattelandse ouers

**N**GROEP sielkundiges van die Universiteit het onlangs 'n ouerbegeleidingskursus vir sowat 200 mense van Vredendal en omgewing aangebied, en gaan dit moontlik binnekort op verskeie ander plattelandse dorpe herhaal. 'n Opvolgkursus word ook vir die Vredendal-omgewing beoog.

Die groep bestaan uit prof. Herman van Niekerk, dr. Johann Meyer en mnr. Hennie de Vos van die Departement Sielkunde, dr. Jan van Niekerk van die Eenheid vir Studentevoorligting en dr. Handré Brand van die Eenheid vir Voorligtingsielkunde.

'n Soortgelyke kursus — waarby enkele ander US-personeellede ook betrek was — is vir die eerste keer ver-

lede jaar as deel van die Universiteit se Winterskool op Stellenbosch aangebied.

Die doel met die kursus is om die vaardighede waарoor ouers reeds beskik verder te ontwikkel. Algemene beginsels van toepassing op die voor-skoolse kind tot adolessensie word behandel.

Enkele onderwerpe wat bespreek word, is: Doeltreffende kommunika-sie in die gesin; Prestasie op skool; Die kind en sy sport; Seksualiteit; Hoe gedragswysiging gebruik kan word om kinderdragsprobleme te hanteer; en Die ouer se rol in die vorming van Christelike beginsels in die gesin. □

## Edelsteenbestraling

Behalwe vir die nuwe instrument beskik die departement ook oor nog twee X-straalopwekkers. Die een is 'n Philips 2,5Kw-hoogspanningsopwekker, wat 'n X-straal fluoresensi-spektrometer of 'n X-straal diffraktometer en poeierkameras kan bedien. Dié spektrometer is nie outomatis nie, maar is geskik vir praktiese onderrig.

Die ander een is 'n 0,5Kw Seifert-opwekker wat twee poeierkameras en 'n edelsteenbestralingstoebere bedien. □

# Reünies in Hottentots-Holland


Die Departement Ontwikkeling en Skakeling het onlangs drie byeenkomste in die Hottentots-Holland gehou vir Oud-Maties wat voor 1950 op die Akker was.

Op dié bladsy is foto's wat by die eerste funksie, in 'n restaurant in die Strand, geneem is.

Links: Mnre. P. S. du Plessis en F. A. Venter, en mev. S. P. en mnr. F. S. Robertson. Onder: Mevv. D. E. Jordaan en H. M Goosen en mnr. E. C. Anderssen.



Links: Mev. H. H. Maree, wat in Julie 90 jaar oud word en gedurende 1918-1919 op Stellenbosch gestudeer het, saam met mev. C. A. Stulting. Links onder: Mnr. D. V. en mev. E. J. Benade asook dr. J. S. Roos. Onder is mnr. J. J. Oosthuysen (afgetrede persoonlike assistent van die US-Rektor) en sy vrou.





By 'n funksie wat in die saal van die NG gemeente Hottentots-Holland op Somerset-Wes gehou is, was dié agtal oud-Dagbrekers (foto bo). Hulle is, van links: Dr. J. van Tromp, mnr. J. H. van Rensburg, dr. F. A. J. van Rensburg, mnr. J. P. de Wit, prof. H. P. Malan, mnre. D. P. van der Merwe en L. F. de Wet, en prof. S. A. Hulme.



Ook by dié onthaal was (links bo) mevv. R. Hulme en M. Nel, en prof. J. A. Nel. Links: Mevv. M Beyers, J. Lindsay en G. van der Merwe.



By nog 'n funksie, wat in Altena in die Strand gehou is, was links onder: Mevv. M. Vorster, L. Davel en M. Schoeman, mnr. J. Schoeman, mev. M. Basson en dr. M. A. Basson. Onder: Mev. M. Wiid, mnr. N. Blanckenberg, mev. M. van der Westhuizen en mnr. D. J. Vermeulen.



- Notule

# JAARVERGADERING van die KONVOKASIE

Gehou in die H.B. Thom-teater op 24 November 1987

**Aanwesig:** Proff. G. G. Cillié (President en Voorsitter), B. Booyens (Vise-president), mev. C. M. F. Barrie, mnre. F. G. Barrie, J. D. du P. Basson, W. J. Bekker, D. v.d. M. Benade, dr. J. M. Blomerus, mev. J. S. Booyens, prof. A. G. Botha, drr. D. Brink, G. U. B. Brozio, R. D. Brozio, J. D. Buys, mev. H. C. Cillié, proff. S. P. Cilliers, W. T. Claassen, mev. A. Coertzen, dr. P. Coertzen, mej. C. E. S. Coetze, prof. H. J. B. Combrink, ds. F. J. Conradie, prof. P. J. Conradie, mnr. R. P. Conradie, proff. J. J. Cruywagen, J. A. de Bruyn, dr. E. C. de Kock, kmdor. J. A. de Kock, mnre. W. A. de Jongh, R. S. de la Bat, proff. J. J. de Villiers, J. L. de Villiers, mev. H. de Vos, prof. P. J. G. de Vos, mev. A. S. de Vries, mnr. E. B. de Vries, prof. M. J. de Vries, mevv. R. de Vries, C. H. de Waal, mnre. A. Draaijer, H. S. Dreyer, S. A. P. Dreyer, proff. T. P. Dreyer, J. B. du Toit, mev. L. L. du Toit, prof. M. A. du Toit, mev. M. W. du Toit, prof. D. L. Ehlers, mnre. A. J. Esterhuyse, J. L. Fechter, mev. H. E. Ferreira, mnr. I. F. Ferreira, mevv. E. M. Gericke, A-E. Heyns, ds. H. A. Heyns, dr. J. B. B. Heyns, mev. L. Heyns, mnr. J. P. Holtzhausen, mev. S. Holtzhausen, ds. P. J. Human, mev. C. Jansen, prof. J. P. Jansen, dr. H. F. Jordaan, mev. H. M. Jordaan, dr. D. J. Kotzé, mnr. F. J. le Roux, prof. F. P. S. le Roux, mnr. P. J. Lombard, mej. G. J. Louw, prof. J. M. Louw, mev. J. M. Louw, mnre. A. D. Lückhoff, I. F. Mocke, mev. J. C. Mocke, mnre. D. Moolman, P. K. Morkel, prof. B. A. Müller, mnre. D. Müller, H. C. Müller, mev. L. Müller, dr. L. M. Muntingh, prof. A. Nel, mnr. A. C. Nel, dr. C. J. G. Niehaus, mnr. G. Nieuwoudt, mev. B. Olivier, proff. C. Olivier, J. P. J. Olivier, mnre. J. R. Olivier (Sekretaris), D. J. Oosthuizen, mev. H. B. Pauw, prof. T. Pauw, mnr. J. C. Pretorius, dr. L. Pretorius, mevv. L. Rabie, R. Scheffler, dr. T. Scheffler, prof. G. M. K. Schüler, mevv. R. Schüler, I. Smit, J. H. Smuts, mnr. J. F. Spies, dr. J. C. Steyn, mnr. P. Steyn, mev. S. Steyn, mnr. H. J. Terreblanche, mev. R. Terreblanche, prof. S. J. Terreblanche, mnre. S. Theron, L. M. Toerien, adv. J. M. B. Treurnicht, mevv. L. C. Treurnicht, C. J. Truter, mnr. H. J. Truter, prof. R. Truter, mnr. D. S. Uys, mev. E. Uys, prof. I. J. van Biljon, mnr. P. E. van der Gaast, prof. G. van der Horst, mev. G. van der Horst, dr. J. C. van der Horst, mnr. J. E. van der Horst, dr. J. G. van der Horst, mev. A. L. van der Merwe, mnr. P. J. van der Merwe, prof. W. J. van der Merwe, mnre. H. P. van der Westhuizen, H. T. van Huyssteen, D. E. van Niekerk, prof. H. G. van Niekerk, mevv. M. M. van Rensburg, B. A. van Rooyen, mnr. J. J. van Rooyen, mev. D. M. van Vuuren, dr. J. C. J. van Vuuren, mnre. A. F. W. van Zyl, H. B. van Zyl, K. G. van Pressentin, adv. C. H. Wiese, mnr. H. J. Zietsman.  
(Sestien besoekers het ook die presensielys voltooi.)

**Opening:** Op versoek van die Voorsitter open prof. B. A. Müller die vergadering met 'n gebed. 'n Spesiale welkomswoord word gerig tot die Rektor en Vise-kanselier, prof. M. J. de Vries en die Voorsitter van die Universiteitsraad, dr. J. G. van der Horst. Op versoek van die Voorsitter staan al die aanwesiges enkele oomblikke op ter nagedagtenis aan die lede van die Konvokasie wat sedert die vorige vergadering te sterwe gekom het.

**Konstituering:** Die Voorsitter vestig die aandag van lede daarop dat die vergadering gekonstitueer word ooreenkomsdig 'n kennisgewing wat aan lede gesirkuleer en in die Staatskoerant aangekondig is.

**Notule:** Die notule van die vergadering van 6 November 1986, wat in Matieland gepubliseer is, word as gelees beskou, in orde bevind en deur die Voorsitter onderteken.

**Geleentheidspreker:** Dr. J. G. van der Horst, Voorsitter van die Raad, gee die aanwesiges by wyse van 'n keurige stel aanhalings uit familiebriewe wat uit die vorige eeu bewaar is, 'n hoogs interessante kykie in die studentelewe aan die Victoria-kollege in die negentigerjare van die vorige eeu; hy toon op dié wyse aan dat alhoewel baie veranderings sedert 1890 ingetree het, so baie dinge tog dieselfde gebly het. Dr. Van der Horst word deur die Vise-president van die Konvokasie, prof. B. Booyens, bedank vir sy interessante aanbieding van 'n warm, gemoeidelike onderwerp.

**Verkiesing van President en Vise-president:** Proff. G. G. Cillié en B. Booyens word onbestreden herkies tot, onderskeidelik, President en Vise-president van die Konvokasie, vir die termyn 1 Januarie 1988 tot 31 Desember 1989.

**Gelukwensings:** Onbestreden voorstelle van gelukwensing aan 'n aantal persone met onderskeidings wat hulle te beurt gevall het, word (as verteenwoordigend van die groot getal onderskeidings wat daar was) voorgelees en deur die vergadering aanvaar:

**(a) Benoemings en aanstellings:** Regter L. W. H. Ackermann: Hoogleraar in Publiekreg (Menseregte) U.S.; dr. D. J. Agenbach: Superintendent-generaal van Landbou en Watervoorsiening; mnr. P. J. Badenhorst: Adjunk-minister van Ontwikkelingsbeplanning; genl.-maj. R. Badenhorst: Adjunk-hoof van die Leër; mnr. W. N. Breytenbach: Adjunk-minister van Verdediging; prof. S. P. Cilliers: Dekaan van Fakulteit Lettere en Wysbegeerte en Raadslid, U.S.; prof. A. R. Coetze: Hoof Dept. Anesthesiologie, U.S.; prof. H. J. B. Combrink: Hoogleraar in Nieu-testamentiese vakke, U.S.; prof. J. A. de Bruyn: Vise-rektor (Bedryf), U.S.; prof. P. R. de Wet: Voorsitter van die SAOU; Direkteur van Studentesake, U.S.; prof. C. A. Engelbrecht: Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe, U.S.; mnr. J. Fechter: Assistent-Direkteur: Departement Ontwikkeling en Skakeling, U.S.; dr. D. J. Hattingh: Moderator van die Wes-Kaapse Sinode van die N.G. Kerk; mnr. H. S. Hattingh: Direkteur-generaal van die Departement Landbouekonomie en -bemarking; prof. P. Hesselung: Hoof Departement Pediatrie en Kindergesondheid, U.S.; prof. H. J. Heydenrych: Professor in Veekunde, U.S.; prof. J. Joubert: Hoof Departement Geneeskundige Mikrobiologie, U.S.; prof. E. H. Katzenellenbogen: Professor in Menslike Bewegingskunde; brig. J. A. Klopper: Generaal-majoor en Hoof van Leërstaaf Operasies; mnr. G. J. Kotze: Minister van Omgewingsake en van Waterwese; prof. J. A. Malan: Professor in Opvoedkundige Sielkunde, U.S.; dr. P. G. Marais: Ere-professor in Voedselwetenskap, U.S.; prof. A. P. Melck: Registrateur van Finansies, Unisa; mnr. R. G. Meyer: Direkteur-generaal van Vervoer; dr. G. Marais: Adjunk-minister van Finansies; mnr. J. D. Möhr: Hoofekonom, Ou Mutual; dr. A. Moolman: Hoofbestuurder, S.A. Vervoerdienste; brig. D. Mortimer: Generaal-majoor en Hoof van Leërstaaf Logistiek; prof. B. A. Müller: De-

kaan, Fakulteit Teologie, U.S.; dr. J. H. Neethling: Directeur, Kaapse Departement van Natuur- en Omgewingsbewaring; prof. J. P. J. Olivier: Professor in Ou Testamentiese Vakte, U.S.; prof. V. Phillips: Professor en Hoof van die Departement Mondpatologie, U.S.; prof. P. C. Potgieter: Moderator van die Vrystaatse Sinode; dr. F. P. Retief: Nuwe Rektor van die UOVS; prof. A. Scher: Professor en hoof van die Departement Radiodiagnose, U.S.; prof. L. Spies: Hoogleraar in Afrikaans en Nederlands, U.S.; mnr. T. I. Steenkamp: President van die Kamer van Mynwese van S.A.; mnr. D. M. Streicher: Adjunk-minister van Vervoerwese; dr. C. H. Terblanche: Professorale status, U.S.; mnr. S. C. Uys: Assistent-Direkteur: Departement Ontwikkeling en Skakeling; prof. C. G. van der Merwe: Dekaan Fakulteit Regsgeleerdheid, U.S.; prof. J. G. van der Merwe: Dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde, U.P.; dr. Pieter-Luttig van der Merwe: Professor in Pediatrie en Kindergesondheid, U.S.; prof. S. W. J. van der Merwe: Professor in Privaatrege, U.S.; prof. P. B. van der Watt: Moderator van die Noord-Transvaalse Sinode van die N.G. Kerk; prof. P. P. van Jaarsveld: Professor en Departementshoof van Departement Farmakologie, U.S.; prof. A. van Laar: Dekaan Fakulteit Bosbou, U.S.; dr. A. I. van Niekerk: Adjunk-minister van Landbou; prof. A. H. van Wyk: Professor in Handelsreg, U.S.; mnr. J. A. van Wyk: Adjunk-minister van Waterwese en van Grondsake; prof. T. van Wyk: Registratore van Finansiële Instellings, Departement van Finansies; dr. M. H. Veldman: Adjunk-minister van Nasionale Gesondheid; dr. E. Visser: Professor in Huishoudkunde aan U.S.

**(b) Toekenningens en eerbewyse:** Dr. J. L. Barnard: Thomas R. Camp-medalje (1987) van Water Pollution Control Federation; Staatspresident P. W. Botha: D. F. Malan-medalje vir volksdiens, van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns; mev. Elize Botha: Orde vir Voortreflike Diens; prof. G. Cronje: Orde vir Voortreflike Diens; prof. D. W. de Villiers: Orde vir Voortreflike Diens; mnr. J. L. du Toit: Boer van die Jaar in Wes-Kaapland; mnr. J. W. Greeff: Orde vir Voortreflike Diens; dr. J. H. Ham-

bidge: Mede-winner van die Eugene Maraisprys vir debuutwerk; mnr. S. A. S. Hayward: Orde vir Voortreflike Diens; dr. R. Knobel: Orde vir Voortreflike Diens; dr. S. P. D. le Roux: Eregraad (D.Litt.), U.S.; dr. J. G. H. Loubsen: Orde vir Voortreflike Diens; kmdt. P. G. Marais: Eregraad (D.Mil.), U.S.; mnr. J. B. Maree: Eregraad (D.Comm.), U.S.; prof. W. L. Mouton: Orde vir Voortreflike Diens; prof. K. J. Pienaar: Orde vir Voortreflike Diens; mnr. G. van der Veer: Kommunikator van die Jaar; dr. J. G. van der Horst: Orde vir Voortreflike Diens; prof. C. B. van Wyk: Erepenning vir wetenskaplike vakbevordering in die natuurwetenskappe, van die S.A. Akademie vir Kuns en Wetenskap; prof. H. F. Vermaas: Genoot van die Internasionale Akademie vir Houtkunde; prof. W. J. Verwoerd: Havengaprys vir Geologie, van die S.A. Akademie vir Kuns en Wetenskap; mev. Tinie Vorster: Orde vir Voortreflike Diens.

#### Algemeen

**(a) Mosie van dank aan Universiteitsbestuur:** Die voormalige Sekretaris van die Konvokasie, mnr. R. P. Conradi, stel 'n onbestrede mosie van dank aan die Sentrale Bestuur van die Universiteit vir die gladde wyse waarop hy die wiele van die Universiteit laat loop.

**(b) Staatsubsidie:** Die Voorsitter van die Universiteitsraad, dr. J. G. van der Horst, gee 'n kort verduideliking van die Universiteitsraad se standpunt oor die Regering se besluit rakende orde op universiteitskampusse en staatsubsidie, en skets die agtergrond van die gesprekke wat hy die Rektor en Vise-kanselier, in opdrag van die Raad, oor dié aangeleentheid met die betrokke Regeringsinstansies gevoer het in 'n poging veral om polarisasie in die Suid-Afrikaanse universiteitswese te probeer verhoed.

**Afsluiting:** Nadat die Voorsitter die Sekretaris en ander personeel bedank het vir hulle voorbereidings en reëlings i.v.m. die Konvokasievergadering, verdaag die vergadering om 20h50. □



Proff. Cillié (bo) en Booyens (onder) wat herkies is tot, onderskeidelik, President en Vise-president van die Konvokasie.



Die Departement Genetika het verlede jaar in Jonkershoek met 'n navorsingsprojek vir die genetiese ontwikkeling van die reënboogforel (*Salmo gairdneri*) begin.

Hier oorhandig mnr. Tony McEwan (naaslinks), besturende direkteur van Aquacultural Marketing Services (AMS), die eerste paaiemant van 'n R50 000-skenking vir die navorsingsprojek aan prof. Serf Kritzinger, die US se direkteur: navorsing. By hulle is mnre. Gavin Mitchell, hoof uitvoerende beampete van Agserv, waarvan AMS 'n volfiliaal is, en Danie Brink, 'n lektor in genetika, wat in beheer van die projek is.

AMS is 'n pioniermaatskappy op die gebied van akwakultuur, wat betrek die landwye voorsiening van voer, tegniese kennis en diens aan visvoere.



# IN MEMORIAM

**Matieland het met leedwese verneem van die heengaan van die volgende Oud-Maties, Maties en andere wat 'n verbintenis met die Universiteit gehad het:**

**Prof. Johan G. Theron** (63), afgetrede dosent in entomologie aan die Universiteit. Nadat hy B.Sc. (1946) en M.Sc. met lof (1950) verwerf het, behaal hy in 1955 sy doktorsgraad aan die Universiteit van Londen. Hy het in 1986 afgetree, nadat hy van 1946 aan die Stellenbosch-Elsenburg-landboukollege en die Fakulteit van Landbouwetenskappe verbonde was.

Hy het 44 wetenskaplike artikels gepubliseer. In 1975 en 1982 was hy weer met studie- en kongresbesoeke in Londen.

Ná sy aftrede het hy steeds aktief navorsing gedoen. Hy het as navorser internasionale bekendheid verwerf, veral met sy navorsing op die gebied van blaarspringer-insekte.

Dit is grootliks aan prof. Theron se toedoen te danke dat die Universiteit



Prof. Theron

se Departement Entomologie en Nematologie (voorheen Insektekunde) oor verreweg die grootste versameling van blaarspringers in Afrika beskik. Dit bestaan uit sowat 50 000 voorbeeldie.

**Madame Anny Lambrechts** (79) van Stellenbosch, afgetrede sangdosent aan die US-Konservatorium. Sy het gestudeer aan die Konservatorium in Antwerpen, haar geboortestad, asook Parys en Berlyn. In Berlyn het sy alternatiewe rolle in operas vertolk en in Nederland het sy in liederuitvoerings en as solis in opera en oratorium opgetree.

Saam met haar man, die Nederlandse pianis José Rodrigues-Lopez, verhuis sy in 1935 na Johannesburg, waar hulle onder meer die Pro-Arte-kamer-musiekvereniging en Musica Viva-impressario-organisasie stig en saam liederuitvoerings aanbied.

Hulle verlaat Suid-Afrika later, word in die Tweede Wêreldoorlog deur die Japanners in Java geïnterneer, maar keer in 1946 na Johannesburg terug. In 1957 gaan woon hulle op Stellenbosch, waar sy tot haar aftrede in 1973 aan die Konservatorium verbonde was en hulle as kunstenaarspaar gereeld opgetree het. Hy is in 1970 oorlede.

**Mnr. George E. Hendriksz** (81), 'n bekende Stellenbosse sakeman en groot weldoener van die Universiteit. Hy het hom in 1938 op die dorp gevëstig en 'n groot slaghuisonderneming opgebou. Deur sy toedoen het die Universiteit onder meer die perseel waarop die Kamer van Mynwese-gebou vir geologie opgerig is, asook 'n baie groot eiendom noord van Hammanskloof (bekend as die Hendriksz-



Madame Anny Lambrechts



Mnr. Hendriksz

terrein), bekom. Mnr. Hendriksz het deur die jare talle Maties geldelik gehelp om hul studies te voltooi.

**Mnr. P. J. (Pieter) Hugo** (69) van Kroonstad, afgetrede hoofbestuurder van Kroonstad-Wes-Koöperasie. Hy het B.Comm. (1936) behaal en was 'n oud-Dagbreker.

**Mnr. O. P. Meiring** (54) van Uitvlugt, De Wet, nabij Worcester, wat in die vyftigerjare aan die US gestudeer het.

**Mnr. S. G. (Sybrand) van Niekerk** (53) van Ficksburg. Hy het B.Sc. in landbouwetenskappe (1955) op Stellenbosch behaal en daarna op sy familieplaas in die distrik Ficksburg geboer.

**Mev. Ena Heatlie (Neethling)** (82) van Worcester. Sy het haar beywer vir die vestiging van huishoudkunde as studierigting en was een van die eerste Matie-huishoudkundestudente. In 1929 behaal sy B.Sc. in huishoudkunde. Sy was die dogter van mnr. Charlie Neethling, wat destyds 'n groot waldoener van die Universiteit was.

**Mnr. F. J. P. Boonzaaier** (54) van Ceres. Hy het B.Comm. in 1955 verwerf.

**Mej. S. Z. van Vuuren** (31) van Baillypark, Potchefstroom. Sy het B. in Huis-houdkunde in 1978 behaal.

**Mnr. J. W. (Koot) van Staden** (73), veteraan-politikus, wat in 1986 as be-



Mnr. Hugo

noemde LP en voorsitter van die NP se parlementêre koukus uitgetree het. Sedert 1949 was hy sowat nege jaar LPR en 14 jaar LV vir Malmesbury. Daarna was hy senator van 1972 tot met die Senaat se ontbinding.

Hy het in 1942 B.A. met drie hoofvakke aan die US verwerf. Daarna was hy o.m. nou betrokke by die organisering van nasionale vakbondes as teenvoeter van die destydse kommunistiese vakbondes.

**Mnr. J. C. (Carel) Leonhardt** (48), die SAUK se Vrystaatse en Noord-Kaaplandse streekdirekteur. Hy het gedurende 1959-1962 aan die US gestudeer en B.A.-honneurs verwerf, was 'n inwoner van Helderberg en is getroud met 'n studente-tydgenoot, Joan Lutting. Gedurende sy 25 jaar in diens van die SAUK was hy in verskeie senior

poste in die nuusdienste, asook Londense verteenwoordiger.

**Mnr. Peter Vogt** (32) wat B.Sc. (1978) en M. in stads- en streekbeplanning (1980) op Stellenbosch behaal het. Hy het daarna as stads- en streekbeplanner in Suidwes gewerk.

**Mnr. D. R. (Danie) de Wet** (80), prokureur op Smithfield, waar hy tot sy dood einde verlede jaar 41 jaar gepraktiseer het. Voorheen het hy in Kaapstad en Bloemfontein asook Kranskop, Pietersburg en Edenburg gewerk. Hy het B.A. en LL.B. gedurende 1935-1939 op Stellenbosch behaal.

**Mnr. J. E. (Japie) de Villiers** (79) wat van 1934 tot sy aftrede in 1970 as onderwyser aan die Hoër Landbouskool Augsburg, Clanwilliam, verbonde was, is 'n tyd gelede oorlede. Hy het B.Sc. in landbouwetenskappe in 1928 behaal.


**Ds. Rothner Oosthuizen** (52) van die NG gemeente Vryburg-Noord. Hy is in 1960 aan die Kweekskool gelegitimeer, nadat hy aan die Universiteit van Kaapstad gestudeer het. Hy was ook leraar op Lückhoff, Bultfontein, Devon en Verwoerdburg.

**Mev. Elize Prins** (55), vrou van prof. F. X. Prins, afgetrede dekaan van die Fakulteit Tandheelkunde.

**Mej. Lynn Hayward** (22) van Stellenbosch, wat einde November verlede jaar in die Helderberg-lugramp by Mauritius gesterf het. Sy het in Maart verlede jaar B.A. verwerf en het daarna by 'n reisagentskap gewerk.

Mej. Hayward was die dogter van 'n US-dosent, mnr. Peter Hayward van die Departement Voedselwetenskap.

**Mnr. A. M. M. Rossouw** (84) wat B.A. in 1924 en ZHSOD in 1926 op Stellenbosch behaal het. Hy het onderwys gegee op sy geboortedorp, Humansdorp, en op Loxton. In 1940 het hy skoolhoof op Riebeek-Oos geword, waar hy tot met sy aftrede was en 'n groot bydrae tot die totstandkoming van die Piet Retief-kinderhuis gelewer het.



Mnr. Pierre de Vos (middel), 'n LL.B.-finale jaarstudent, het 'n beurs van R1 500 van die prokureursfirma Cliffe, Dekker en Todd se verteenwoordigers, mnr. J. Witts-Hewinson en C. Ewing ontvang. Mnr. De Vos kom van Pietersburg af.

**Mnr. D. J. Malan de Kock** (76) wat gedurende 1930-1936 B.A. en LL.B. aan die universiteit behaal het. Hy het bykans vyftig jaar lank as prokureur gepraktiseer, eers op Middelburg, Kaapland, en daarna op Queenstown.

**Mnr. J. J. (Hannes) Verster** (70) van Parys. Hy het gedurende 1937-1942 op Stellenbosch gestudeer en was 'n inwoner van Dagbreek. Nadat hy 21 jaar stadstesourier van Parys was, was hy agt jaar stadsklerk van die dorp. Hy het in 1982 afgetree.

**Ds. M. H. (Thinie) van der Colff** (85) van die Strand, wat gedurende 1921-1922 en weer in 1933 aan die US gestudeer het. Hy was jare lank hospitaalleraar in Kimberley.

**Mnr. H. J. (Hans) Swart** (80) van Kenridge, Durbanville, wat gedurende 1925-1926 HPOD op Stellenbosch verwerf het. Hy het byna vyftig jaar skoolgehou, in Parow, op Bothashalt by Worcester en in Seepunt.

**Dr. Niklaas Louw** (66), Kaapland se direkteur van Hospitaal- en ge-

sondheidsdienste. Voordat hy in dié pos aangestel is, was hy tien jaar lank professor in verloskunde en ginekologie aan die US. Hy het aan die Universiteit van Kaapstad gestudeer.

**Dr. Z. B. Loots** (78) wat in die NG gemeente Philadelphia uit die bediening getree en daarna op Melkbosstrand gewoon het. Hy was ook leraar op Philipstown, Murraysburg, Franschhoek, Stellenbosch, en Bloemfontein-Noord.

**Mej. Willa du Toit** (20), 'n B.Rek-student aan die US, wat einde verlede jaar in 'n motorongeluk dood is.

**Ds. A. F. (Alex) Gerber** (61) van Vredenburg, vroeëer van die NG gemeentes Pondoland, Groote Kerk Kaapstad, Kraifontein en Indwe. Hy het gedurende 1947-1954 op Stellenbosch gestudeer.

**Mnr. Paul Harrison** (22) wat B.A. in 1986 aan die US behaal het en 'n tweedejaarstudent in regsgesleerdheid aan die Universiteit van Kaapstad was. □

Die Universiteit wil graag met alle Oud-Maties in verbinding bly. As u — of 'n ander Oud-Matie van wie u weet — nie Matieland kry nie, sal ons dit waardeer as u hierdie vorm invul en stuur aan:

**Die Redakteur, Matieland, Universiteit, Stellenbosch 7600**

## Adresse, asseblief

Titel en van: .....

Geboortedatum: .....

Voornam: .....

My ou adres vir Matieland: .....

Studentenommer: .....

Matieland moet aan my nuwe werkadres/woonadres gestuur word. (Haal deur wat nie van toepassing is nie.)

Nooiensvan: .....  
Grade en/of diplomas aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, met jaartalle:

My nuwe werkadres: .....

Grade en/of diplomas van ander universiteite (meld universiteit en jaartal): .....

My nuwe woonadres: .....

# Ons sal Victoria-huis nooit vergeet nie!

Mnr. J. H. Basson, Lysstraat 183, Rietondale, Pretoria:

My ou vriend Natie Ferreira slaan die bal mis as hy sê dat niemand meer iets van Victoria-huis onthou nie (Matieland 2:87). Ek en my broer, Michiel, sal dié koshuis nie ligtelik vergeet nie. Ons het albei met die begin van die akademiese jaar 1925 by Victoria-huis ingeboek nadat ons einde 1924 aan die Hoëskool Dirkie Uys, Moorreesburg, gematrikuleer het.

Die primarius van Victoria-huis begin 1925 was "Psalm" Minnaar, senior teologiese student en later, soos ek verneem het, 'n sendeling érens in Midde-Afrika. Laurie Botha het as primarius by Psalm oorgeneem. Hy was 'n voortreflike en hoog gewaardeerde vriend en was later jare predikant in 'n NG gemeente hier in Pretoria.

Duiwel Engelbrecht en die pragtige en sjarmante Joey Hamman, sal geen Victorianer van daardie tydperk sonder meer vergeet nie. Ons ander ouens het hom dikwels bewonder en beny.

Ek en G. A. Giliomee was persoonlike vriende. Dit is hy wat my in hokkie laat belangstel het en op so 'n voortreflike wyse gemotiveer het dat ek in 1929 onder sy kapteinskap vir die eerste span van die Universiteit kon speel. Hokkie was natuurlik in daardie jare die aspoestertjie onder die sportsoorte.

Geoff Cronje was in 1926 'n kamerraat van my en broer Michiel. Hy woon tans in die bekende aftree-oord Kronental, in die hoofstad. Ons sien mekaar dikwels en gesels soms lekker oor vergange se dae.

John Maré, uitmuntende taalkenner (hy praat Zoeloe asof dit sy huistaal is) en gewaardeerde vriend, was die knap seremoniemeester by my trou op 14 Desember 1940 in Pretoria.

## 'Sportmakers'

Die ander name wat Natie in sy brief genoem het, onthou ek ook almal. Kalahari Prinsloo (ons het hom spot-tenderwys Halakari genoem) het heel-wat later vir 'n paar jaar nie ver van my af gewoon nie. Jan le Roux was in die middel dertigerjare saam met my in dieselfde "boardinghuis" in Pretoria. Hy en sy getroue vriend dr. Swaneipoel (ook 'n Oud-Matié, met grade in die ekonomiese) was beslis van die grootste "sportmakers" wat ons as jong bewonderaars geken het.

Maar die lys name wat Natie genoem het, is hoegenaamd nie volledig nie.

Wat van Alwinus Wilhelmus Oscar Bock, briljante student in die ekonomie, wat op 'n betreklik jeugdige leeftyd die eerste hoofbestuurder van die nuutgestigte Koringraad in Pretoria geword het en dié pos vir jare met onderskeiding beklee het. In Victoria-huis was hy 'n karakter enig in sy soort. (Terloops, die inwoners van Victoria-huis het by tye die gewoonte gehad om die manne by hul volle name te noem.)

Ek het in my dokumenteversameling 'n foto gevind waarop die volledige tennisspan van Victoria-huis vir 1928 voorkom. Indien my geheue my nie parte speel nie, was hierdie span die wenners van die interkoshuiskompetisie vir daardie jaar. Daar was 14 lede, almal in die tradisionele tennisdrag van destyds geklee. Op die foto verskyn o.a. Laurie Botha, G. A. Giliomee, L.S. (Fox) Erasmus en ander bekendes.

Fox Erasmus was die skrywer van die beroemde (berugte?) doopformulier vir die ontgroening in Victoria-huis begin 1927. Ek besit nog 'n afskrif daarvan. Ek wonder of party van die ou vriende nog saam met ons is.

En so kan ek voortborduur, maar die brief sal te lank word. Ek wil net 'n paar wetenswaardighede van daardie tyd byvoeg, soos dat daar in 1926 nie minder nie as 989 trapfiets (die meeste in besit van studente en do-sente) en een enkele motorfiets in Matieland was. Die eienaar van die Harley Davidson was Piet le Roux van Niekerk, 'n inwoner van Victoria-huis.

Daardie tyd was daar natuurlik geen verkeersbeampte in die Eikestad nie. Soos ek verstaan het, was 'n paar van die stadsvaders nogal bekommerd oor die gevaar wat die groot motorfiets ingehou het, veral in die nat wintermaande op modderige, ongeteerde strate.

Soms het ek al gewonder of dit nie 'n insiggewende stuk nagraadse studie sou wees indien 'n ondernemende student 'n navorsingsprojek in verband met die koshuiswese en sy ontwikkeling (op Stellenbosch) deur die jare sou onderneem, indien so iets nie reeds gedoen is nie.

## So was my S'Bosch 6 dekades gelede

Mnr. Natie Ferreira, Donald Murray-laan 32, Parkwes, Bloemfontein:

In die woorde van my vriend Ben Marais van Pretoria (Oor groot geeste en 'n klein varkie, Matieland 3:87) skryf ek oor "my" Stellenbosch van 60 jaar gelede.

G'n universiteit kon soos Stellenbosch oriénteer nie. Ek kom laat aan, ná die klasse begin het. Die "cab" wat deur twee perde getrek word, laai my voor Victoria-huis in Dorpstraat af.

Ek staan met my koffers op die spaadjie. 'n Senior kom en sê: "Die heer se baard is lank, en hy stap weg." 'n Tweede sê: "Die heer kom seker ver — o, geelsug. Die heer sal maar sy goedjies bring." Na 'n kamer daar agter, en hy sê: "Die heer sal nog lief word vir dié plek." Geen geweld nie, net 'n ontsettende geekskeerdery, en die "heer" voel so groot soos 'n muis. Vir twee weke word jy 'n bietjie verniel, op jou plek gesit, maar daarna word jy aanvaar en jy voel soos Händel: Die hemele is geopen.

Miskien moes dit strenger gewees het, soos Wigenhof se nagligte, maar daar

was geen beter verwelking as Victoria-huis s'n aan die einde van die twintigerjare nie.

In die Engels I-klas vra prof. Hopwood my naam. Ek antwoord "I. S. Ferreira." Hy sê: "Surely, not 'I is', but 'I am.'" Later sou ons mekaar in Bloemfontein weer raakloop — ek (baie tot sy spyt) as sy kollega.

Prof. David Hopwood was 'n groot kenner van die fonetiek, maar nie huis die fluksste man nie — hy het altyd gesit as hy klasgee, en nooit eers opgestaan as hy iets op die bord skryf nie.

## Titels

Hy was 'n geesdriftige tennisspeler en baie gesteld op sy titels. Op die baan spreek 'n speler hom aan as "Mister Hopwood". Hy sê: "Sometimes Doctah Hopwood, sometimes Prafessah Hopwood, but NEVAH Mister Hopwood."

Een sondagaand besluit Victoria-huis se manne ons gaan almal kerk toe in 'n "rank" soos die Bloemhof-meisies.





Die konferensiegangers by die J. S. Gericke-biblioteek.

## 1ste SA konferensie vir fotograwe



Toe ons aantree, besluit hulle die mooiste ouens, soos Tertius van Huysssteen, John Maré en Piet le Roux stap vóór en ek en Kalahari Prinsloo heet agter.

## 70 jaar gelede se eerstejaar

Mnr. C. T. van der Merwe, Murraysburg:

Baie dankie dat ek Matieland gereeld ontvang.

Sewentig jaar gelede was ek op Stellenbosch as student van die ou Victoria-kollege, en toe van die Universiteit van Stellenbosch. Ek het 'n landboukursus gevolg, onder dr. A. I. Perold. Ons was vyf studente, waarvan een, mnr. Paul Sauer, die latere minister, een was.

Sover ek weet, is ek die enigste wat nog lewe. Ek is 88 jaar oud.

Dit was die bitter dae van Nat en Sap in ons politiek. Ons is almal in die ou "Pajaan-flik" want Langenhoven sou daar wees.

As Langenhoven op Stellenbosch praat, gaan niemand vir die naweek weg nie. Dit is so 'n geleenheid, aan die begin van die jaar, in die ou C.J.V.-saal. Hy sit alleen agter, terwyl 'n spreker 'n mosie van roubeklag instel in twee studente wat in die vakansie oorlede is — een van hulle 'n Schabot wat dood is toe hy van die paviljoen by die Strand gedruik het.

Terwyl Langenhoven daar gesit het, het hy sy toespraak vir die aand aangespas. Hy kyk na agter in die saal en vra: "Wat is daar om die draai?" Ons kyk om, maar sien niks nie. Telkens gedurende sy toespraak herhaal hy die vraag, ons kyk om, maar sien niks nie. Dan sluit hy dié onvergeetlike toespraak af met: "En nou, my jonge vriende, wat is daar om die draai, daardie laaste draai waarom ons twee ontslape vriende reeds is."

Toe ons die grootsheid van die toespraak besef begin ons hande klap. □

SOWAT 190 beroepsfotograwe van oor die hele land was by 'n driedaagse konferensie oor toegepaste fotografie wat die US se Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys verlede jaar in samewerking met die Suid-Afrikaanse Instituut vir Fotograwe op die kampus aangebied het. Dit was die eerste keer dat so 'n konferensie in Suid-Afrika gehou is.

Ander universiteite, verskeie teknikons, staatsdepartemente, provinsiale administrasies, munisipaliteite, die Weermag, natuurbewaringsinstansies, hospitale, museums, olie-, myn- en ander groot maatskappye, asook fotografiese agentskappe is verteenwoordig.

## Organisasie

Onder die temas wat bespreek is, is die organisasie, bestuur, ontwerp en uitleg van 'n fotografiese eenheid, die funksies van sulke eenhede aan onderwysinrigtings, navorsingsinstansies en groot handels- en nywerheidsondernemings, fotograwe se opleiding en sertifisering, en die etiese en estetiese aspekte van fotografie.

Fotografiese tegnieke soos multi-beeldprojeksie, die benutting van die rekenaar, hoëspoedfotografie, portret-tegnieke, beligting, fotografie by forensiese tandheelkunde, mikrofotografie, mediese fotogrammetrie en holografie was ook onder die soeklig. □

# Só het 1948 se Maties destyds dié politieke gebeurtenis beleef

Presies 40 jaar gelede het dr. D. F. Malan se Herenigde Nasionale Party (die "Natte") die bewind van genl. J. C. Smuts se Verenigde Party (die "Sappe") oorgeneem ná een van die mees dramatiese verkiesings in die geskiedenis van Suid-Afrika. Vir studente van destyds was dit 'n onvergeetlike ervaring. Anders as vandag, het dit toentertyd ongeveer twee dae geduur voor al die stemme getel is. Die uitslag ('n meerderheid van agt setels) was tot byna aan die einde in die weegskaal. Woensdag 26 Mei was stemdag en die Saterdag was dit Intervarsity in Kaapstad. Donderdag en Vrydag 27 en 28 Mei het die klasse wel voortgegaan, maar nie heeltemal "normaalweg" nie. Die daaropvolgende Sondag het 'n tweedejaarstudent uit Dagbreek dié brief (wat hier verkort weergegee word) aan sy ouers in Transvaal geskryf:

Dagbreek,  
Sondag, 30 Mei 1948

Lieve Ouers,

Daar was seker nog nooit 'n week waarin daar soveel dinge gebeur het om oor te skryf as laasweek nie. Woensdagdag reeds het ons tot byna 3-uur wakker gebly om die eerste uitslae te hoor. Ons groepie op hierdie vloer het voor die radio gesit en die uitslae gevog deur elke setel rooi of

om elke uur op die uur in te luister. Ons het veronderstel dat die dosente ook maar nuuskierig is. Tien minute na die begin van die tweede periode by dr. Kleingawie Cillié wou ons graag inskakel. Hy het ons ook net toegelaat op voorwaarde dat ons dadelik aangaan met die werk. Die derde periode het ons dr. Taljaard gehad en toe hy hoor van die plan het hy besluit dat dit nie die moeite werd is om te begin nie en het ons twintig minute lank politiek gepraat.



'n Deel van die skare voor doktor Malan se huis op Vrydagmiddag 28 Mei 1948.



groen in te kleur op die spesiale bladsy van "Die Burger". Dié gaan glo vir die res van die jaar in die kamer langsaan bly hang. Daar was groot opgewondenheid oor elke aankondiging. Ek weet van baie mense wat maar bra pessimisties was toe die Sappe die een stedelike setel na die ander vat. Ek het dit verwag, maar toe hulle darem 'n voorsprong van 40 het teen Donderdagmôre, het ons optimiste ook begin benoud word.

Die nuus van Alberton het ek oor die 7-uur nuus gehoor en die res van die dag moes ek baie simpatiebetuigings aanhoor. Dr. Matie Taljaard het my later 'n handdruk gegee en gesê dis jammer hierdie keer, maar dit sal nie weer gebeur nie.

Donderdagoggend is ek met my draagbare radio klas toe en die klas was natuurlik baie ingenome met die plan

Van dié middag af het ons nie weer van die radio gewyk voor Vrydagoggend 3-uur nie.

Om te vertel hoe Dagbreek die nuus van Standerton ontvang het, is 'n moeilike taak. Dit het gelyk of almal oombliklik mal geword het en binne 'n minuut was die helfte van die inwoners besig om rond te dans en te skree in die vierkant. Hierop is al 51 vuilgoedblikke met 'n donderende geraas in die trappe op en af gegooi en so het dit 'n hele paar minute lank aangehou. Dit is nie 'n wonder dat ons nie veel stem oor gehad het vir die intervarsity nie.

Die tweede groot opgewondenheid was natuurlik die uitslag in Stellen-

bosch, wat eers teen middernag deurgekom het. Toe hulle kom vertel van 'n 2 000 meerderheid wou ons dit eenvoudig nie glo nie. Kort hierna het die eerste optog na dr. Malan se huis, "Môrewag", begin. Terwyl drie-, vierhonderd van ons daar gestaan en sing het, was 'n ander klomp by Paul Roos se huis. Ons is toe na Paul Roos se huis en hulle na dr. Malan s'n, en toe ons daarvandaan terugkom, kom ons 'n derde groep teë. Hoe die meisies uit hulle koshuise gekom het, weet ek nie. Teen half-twee was ons weer terug voor die radio. Ons het koffie gemaak en my laaste bietjie koek is daarmee heen.

Vrydagoggend het ek die eerste periode verslaap en is daarna klas toe. Dr. Rohwer het soos gewoonlik aantekeninge gegee en dr. Eppie Stegmann was ook onverbiddelik soos gewoonlik, maar dr. Joey Joubert het gesê "die Sappe moet kom klasloop!" Vir die geologieperiode het ons dr. Brink en prof. Taljaard vir koffie geskiet. In die koffiehuis het ons begin kabinet opstel en so opgewonde geraak dat ek my betrapp het op 'n "jy en jou" teenoor die professor! Intussen het iemand begin klavier speel en spoedig was die koffiehuis gepak met 'n singende menigte. Daar het ons ook bly sit vir die res van die oggend.

## Honderde studente

Net voor ons weg is vir ete het die leier van die Jeugbondtak gevra dat alle "regeringsgesindes" die middag om 2-uur in wit geklee op Coetzenburg moes wees. Van die groot optog het Ma-hulle seker in "Die Burger" gelees. Dit was egter nadat ons vier nagte baie min slaap gehad het (want Maandag- en Dinsdagaand was verkiesingsvergaderings) en baie het liewer die middag gaan slaap. Die optog was pragtig. Oom Paul Roos het voor in die koets gery, getrek deur 'n dubbele ry meisies en heel voor was 'n Voortrekkerknoontjie op 'n perd en dan was daar die wa met die orkes en honderde studente in wit wat opgetrek het na Môrewag, en daarvandaan na die stadsaal waar Oom Polla 'n toespraak gehou het.

Dit was die einde van die opwinding oor die verkiesing, en nou het ek nog nie eers begin vertel van intervarsity nie. Groete tot volgende keer.

U seun.

(Die student wat destyds dié brief geskryf het, is vandag 'n professor in geologie op Stellenbosch. Prof. Wilhelm Verwoerd se pa, die latere Eerste Minister dr. H. F. Verwoerd, het as kandidaat van die Herenigde Nasionale Party in die Kiesafdeling Alberton met 171 stemme teen die VP-kandidaat, mnr. Marais Steyn, verloor. Mnr. Steyn, wat later 'n NP-kabinetslid en ambassadeur in Brittanje geword het, het afgetree en woon nou op Stellenbosch.) □

# Swimming now a major sport on campus

WITH several South African record holders and no fewer than 27 provincial representatives, swimming is no longer a Cinderella at sport at the University of Stellenbosch.

At the 1987 SA Universities' Championships held at Wits University in December, the Maties won by just short of 400 points — the fourth year in a row that they've won this event.

A decision to become a major force in Western Province swimming paid off last year when the Stellenbosch swimmers won the WP league competition for the first time in the history of the club.

This healthy state of swimming at the University, coupled with the excellent coaching being offered by team coach, Mrs. Santa van Jaarsveld, has served as a draw-card for top-calibre swimmers from all over the country to study at Stellenbosch.

## SA champion

New recruits this year include Carl Laubscher, current South African 200 m backstroke champion, and SA record holder who hails from Cape Town.


Natasha Figge, another newcomer, is a long distance specialist and silver medallist in the 400 m inter-medley. She is a transvaler. Jaques Coetzer, who comes from the Eastern Province, won the 400 m and 1 500 m freestyle titles last year and was a bronze medallist at this year's SA Open Championships.

Andre Stadler and Herman Nienaber are both senior students with impressive records at SA Championships.

Stadler became the fastest male swimmer in the country when he won the 50 m freestyle at the SA Championships in Pretoria earlier this year. This is one of the most competitive events at any tournament.

Swimming in an outside lane, Andre surprised all but himself and his Matie teammates when he took the title. His performance at the SA Universities Championships in Johannesburg in December last year proved that he was capable of such a victory.

Herman Nienaber, who gained his Springbok colours last year, took two bronze medals at the championships.



Carl Laubscher.

Photo: Die Burger

Carl Laubscher, an 18 year-old first-year student at the University, eclipsed the men's 200 m backstroke record at the SA Championships, becoming the first South African to go under 2 minutes 10 seconds for this event.

Apart from Jaques Coetzer (bronze medal) two other Maties excelled at the championships: Natasha Figge, who won a silver medal, and Owen Brown (finalist in the 200 m butterfly).

Brown is the Western Province record holder for the 100 m butterfly this season. Other Matie swimmers who set WP records this season include Noel Droomer (200 m IM), Philip de Jager (100 m backstroke), Claire Deacon (400 m freestyle and 100 m breas-

trok), Henri van Schaik (200 m breastroke), Lucy Saunders and Riana de Jager (both 100 m backstroke) as well as Rian van Rooyen (200 m IM).

With victories at SAU championships and the Western Province league, a South African Open record holder, two SA Open champions, and 27 provincial swimmers, the University now boasts one of the strongest swimming clubs in the country. Swimming has become a major sport at Stellenbosch.

This is especially remarkable if one considers the fact that the Matie Swimming Club does not have a 50 meter competitive swimming facility at its disposal. □



Die manskosuis Huis Marais en Aristea, 'n wyk vir vrouestudente wat nie in koshuise is nie, het die Drosdyhof-skilde verower vir die beste persentasie-deelname aan sport gedurende 1987. Hier is, van links: Johann Coetze, primarius van Huis Marais, prof. Jan de Bruyn, vise-rektor: bedryf, wat die borgskapteek van mnr. Johan du Plessis, produksiebestuurder van Drosdyhof-wynkelders, ontvang het, mej. Lita van Zyl, onder-primaria van Aristea, en mnr. Butch Lochner, die direkteur van sport en ontspanning.

## WATERPOLO:

# Klub word 'n SA topspan

DIE Universiteit se eerste waterpolo-span het in die afgelope vier jaar die sterkste universiteitspan in die land en een van Suid-Afrika se top-klubspanne geword.

Nadat die Maties voorverlede jaar die SA Universiteite-byeenkoms in Bloemfontein gewen het, het hulle in Desember op die 1987-SAU-byeenkoms in Johannesburg dié prestasie herhaal en boonop onoorwonne uit die stryd getree.

Daar was verlede jaar weer soos in 1986 nie minder as vyf Maties in die SAU-span nie.

Die Matie-Afrigter, dr. Pierre Pretorius — aan wie die US-span sy sukses tot 'n groot mate te danke het — is sedert 1986 ook die SAU-span se afrigter. Dr. Pretorius, 'n navorsing in chemie aan die Universitet, is 'n oud-lid van die Maties se eerste waterpolo-span.



Bo: Andrew Shedlock (links voor), waterpolo-Springbok van die Maties, saam met spanmaats Rob Godlonton, Paul Emslie, David Sabor en Martin Prins.regs: Die Matie-afrigter, Dr. Pierre Pretorius. Onder: Greg Ströh, David Sabor en Andrew Shedlock.




In die WP-liga was die Maties in 1986 die wenners en hulle het in die WP-uitklopliga tweede geëindig. Verlede jaar het hulle albei die kragmetings verower, terwyl hulle boonop onoorwonne was.

Sewe spelers is in 1987 in die WP-A-span opgeneem, drie in die WP-o.19-span en een in die WP-B-span. Dit beteken dat selfs spelers uit die Universiteit se tweede waterpolo-span provinsiale kleure verower het.

Die Maties was ook verlede jaar die wenners van die WP-Winterliga, wat toe vir vir die eerste keer gehou is.

Selfs op nasionale vlak daarvoor die span deesdae puik. Toe hulle verlede jaar vir die eerste keer aan die SA Klubkampioenskapsbyeenkoms deelgeneem het, het hulle tweede gekom deur met een doel teen die Oos-Transvalse kampioenspan, Brakpan, te verloor.

Andrew Shedlock het verlede jaar die



tweede Matie geword wat Springbokkleure in waterpolo verower het. Die eerste een was Trevor Massyn (1985–1986).

Shedlock en nog drie Maties, Paul Emslie, David Sabor en Greg Ströh, het plekke in die SA o.25-span losgespeel.

Dr. Pretorius sê die Maties se sukses in waterpolo kan veral aan vier faktore toegeskryf word. Eerstens is daar teruggegaan na die basiese tegnieke van die spel en moeite gedoen om dit volkome te bemeester. Tweedens is meer gevorderde tegnieke en spelpatrone gebruik, waarby teenstanders nie maklik aanpas nie.

Die goeie geriewe wat die spelers tot hulle beskikking het, soos die binnenshuise swembad van die Departement Menslike Bewegingskunde, is die derde faktor wat tot die Maties se waterpolo-suksesverhaal bygedra het. En laastens is dit "absolute dissipline" wat die deurslag gee. □

ECRIVAINS CONTEMPORAINS PIERRE DE NERVAL

## Wie vul die leemte?

Sanlam ondersteun  
tersi re onderwys in Suid-  
Afrika al jare lank.

Deur stilweg die leemte  
te vul.

Verbeterings aan ge-  
boue, nuwe toerusting -  
en nou ook hulp aan  
biblioteke wat spartel  
om kop bo water te hou.

Waar u toekoms tel,  
is ons belofte. En Sanlam  
verseker almal van 'n  
beter toekoms deur vir  
ho r onderwys in die  
bres te tree.

Dit spreek boekdele!

**Sanlam**   
**Waar u toekoms tel**  
*Vir seker!*

COMMENTARII  
AD LEGEM  
AQUILIAM

ALDOBRANDIUS

# A looit gewonder of TrustBank 'n finansiële pakket vir u spesifieke behoeftes het?



Wat presies is 'n finansiële pakket van TrustBank?

Net wat u wil hê dit moet wees.

Want dit kan allesomvattend wees en al u finansiële sake insluit. Of dit kan bloot u alledaagse bankbehoeftes dek, met voordele wat allesbehalwe alledaags is – soos tjeks wat tot R200 gewaarborg is.

Daar is 'n magdom dienste tot u beskikking. Van 'n tjekrekening tot gespecialiseerde beleggingsadvies, boedelbeplan-

ning, belastingadvies en enige vorm van finansiering.

Elke pakket is so uniek soos die persoon vir wie dit gemaak word.

Daar is net een ding in gemeen – elke pakket het 'n kundige TrustBank-adviseur.

En onthou, hy is nie net 'n gesiglose stem oor die foon nie. Hy besoek u met graagte net waar en wanneer dit vir u geleë is.

**TRUST  
BANK**

Vir persoonlike aandag.

Geregistreerde Bank